

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)



AANVULLENDE SAKELYS vir die VYFDE SINODE gehou te Pretoria

16 - 21 September 1991

VERTROULIK!

*Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat
die Sinode oor sake daarin besluit het nie.*

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners)

AANVULLENDE SAKELYS VIR DIE VYFDE SINODE SEPTEMBER 1991

INHOUDSOPGAWE

ADDENDUMVERSLAE

	Bladsy
1. RAAD VIR KERKADMINISTRASIE	220
Bylae BRKA .AA (Reglement APK Trustfonds)	224
2. SENTRALE KERKE KOMMISSIE	227
Bylae SKK .AA (Die Gideons in Suid-Afrika)	234
3. AD HOC-KOMMISSIE: KKS, KKEN, SKK, VROUEAKSIE	238
Bylae VA .A (Meerderheidsverslag)	239
Bylae VA .B (Minderheidsverslag)	243
4. KOMMISSIE VIR FINANSIES	249
5. KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE	253
Bylae KKS .AA (Beknopte Handleiding vir Kerklike Tug)	259
Bylae KKS .AB (Ondertekeningformulier vir Kerkraadslede)	268

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VYFDE SINODE 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

ADDENDUMVERSLAG: RAAD VIR KERKADMINISTRASIE 1991

1. VERGADERINGS

Sedert datum van die vorige verslag (2/7/1991) is tot op 13/8/1991 'n verdere drie vergaderings gehou, t.w. op 29 Julie, 6 Augustus en 13 Augustus 1991.

Hierbenewens is 2 vergaderings deur die Onderhandelings- komitee vir die aankoop van eiendom, op 4 en 5/7/1991, en drie vergaderings deur die Eiendomskomitee, op 30 en 31/7/1991 en 7/8/1991 gehou.

2. PERSONEELUITBREIDING

2.1 Assistentversendingsklerk

Nadat die pos per omsendbrief aan gemeentes bekendgestel is, is mnr PJ Kilian van Sannieshof aangestel. Vanweë die hoë behuisingskoste in Pretoria, was hy egter later genoodsaak om nie die aanstelling te aanvaar nie. Die BRKA het die terugtrekking van sy aansoek aanvaar.

2.2 Tweede leraarspos (kyk 3.1.5.3 in Sakelys van Sinode, bl. 25)

Aanvanklik het die BRKA hom nie oor die meriete van 'n tweede leraar in hierdie pos uitgespreek nie, maar na opstel van die verslag tóg weer die saak in heroorweging geneem. Uiteindelik is op die volgende aanbeveling besluit:

2.2.1 Die RKA stel nie 'n tweede leraar met predikantstatus in die administrasie aan nie.

3. TERREINONTWIKKELING, FARENDENSTRAAT 430

Aanvanklik is die verdere ontwikkeling van die terrein van die Sentrale Kerkkantoor, asook herstelwerk agterweë gehou in afwagting van die uitslag van die pogings om ander eiendom aan te koop.

In die lig van die uitslag van die onderhandelings (kyk punt 5 hieronder) blyk dit nou gewens te wees om voort te gaan.

3.1 Aanbeveling:

Die RKA dra dit aan die BRKA op om die eiendom te Farendenstraat 430 op so 'n wyse in stand te hou dat daar nie oorkapitalisering plaasvind wat nie deur 'n moontlike latere verkoop van die eiendom verhaal kan word nie.

4. HERREGISTRASIE OF HERVESTIGING VAN EIENDOM TE FARENDENSTRAAT 430 IN NAAM VAN RKA

Uitvoering van 'n opdrag van die vorige sinode om die eiendom te Farendenstraat 430 wat tans op naam van die Kuratorium geregistreer is, te herregistreer of te hervestig op naam van die RKA (kyk Handeling 4e Sinode, bl. 557, punt 5.3.1), is ook bevries in afwagting van die moontlike verkoop daarvan in geval die aankoop van die Corpus Christi-sentrum slaag.

In die lig van die feit dat die kooptransaksie nie voortgaan nie, sal nou verder aandag gegee word aan die herregistrasie of hervestiging van die eiendom.

5. CORPUS CHRISTI-KERKSENTRUM (Kyk Sakelys van die Sinode, bl. 27, punt 4.2)

Volgens 'n telefoniese mededeling deur die sekretaris van die Gemeenteraad, het die AGS besluit om nie meer die eiendom te verkoop nie. Die gebruik van die kerkgebou vir die sinodesitting kan egter voortgaan soos reeds gereël.

Dié ontwikkeling bied nou die geleentheid aan die BRKA om Brookhuis deeglik op te knap.

6. BROOKHUIS

Die BRKA het dit oorweeg om die trek van die administrasie na Brookhuis af te handel vóór die sinodesitting, en slegs aandag aan die dringendste opknapping aan Brookhuis te gee.

Met die moontlikheid van die deeglike opknapping alvorens die trek plaasvind in gedagte, veral aangesien Corpus Christi nou nie meer hoë eise aan die begroting sal stel nie, het die BRKA besluit om die trek uit te stel tot 'n geleë datum ná die sinodesitting.

Brookhuis is 'n besondere gebou met historiese waarde, maar verg heelwat herstelwerk.

Die BRKA handhaaf die siening dat daar nie om spesiale bydraes (meer as die gewone 15%) vir besondere projekte by kerkrade aangeklop word nie.

Spontane vrywillige aanbiedings, veral van meubels (ook te koop) wat by die argitektuur van die gebou pas, sal egter oorweeg word.

In die herstel van die gebou, en ook by die meubilering, het die BRKA beoog om deurgaans van die advies van deskundiges gebruik te maak.

Die eiendom te Farendenstraat 430 sal nou grotendeels vir gebruik deur die Kuratorium behoue bly.

7. REGLEMENT VIR APK TRUSTFONDS (Kyk Sakelys van die Sinode bl. 29, punt 5.3.3)

In oorleg met die regsadviseur van die APK, nl. dr PJ Kotzé, is reeds 'n reglement vir die APK Trustfonds opgestel, waarin ook voorsiening gemaak word vir die kuratore van die fonds. Die aanbeveling in die Sakelys van die Sinode verval dus.

7.1 Aanbeveling:

Die RKA keur die Reglement vir die APK Trustfonds soos hierby aangeheg as Bylae BRKA. AA, goed.

8. ONDERSOEK NA VOORSORGFONDSE (kyk ook bl. 30, punt 5.3.4 van Sakelys van die Sinode)

Na aanleiding van moontlike voordeliger skemas wat onder aandag van die BRKA gebring is, beveel die BRKA soos volg aan by die RKA:

8.1 Aanbeveling:

Die RKA dra dit aan die volgende BRKA op om in plaas daarvan om van tyd tot tyd enkele kwotasies in behandeling te neem, gelyktydig kwotasies van verskillende maatskappye aan te vra, te vergelyk en na bevind van sake in die beste belang van die APK te handel.

Intussen het die huidige BRKA soos volg besluit:

Dit word aan die volgende Ad hoc-komitee opgedra om spesifikasies op te stel vir die voorsorgfonds/Pensioenskema waarvoor kwotasies aangevra word: Mnr. CC du Preez (Sameroeper), oudl. WLV Fick en oudl. BJM Rossouw (lid van die FK), die Rekenmeester mnr. CJ de la Rey, en die Assistent-rekenmeester mnr. L Korkie.

Die Ad hoc-komitee moet voorts kwotasies inwin volgens die spesifikasies deur hulle opgestel, en hulle verslag aan die volgende BRKA voorlê. Die komitee moet ook aandag gee aan die vraag hoe 'n verandering van die Pensioenfondsskema mense soos di. Nico Coetzee en Basie Visser wat albei

reeds ongeskik vir verdere diens verklaar is, sal raak.

9. AGTERSTALLIGE 15% BYDRAES VAN GEMEENTES

Met dankbaarheid kan gemeld word dat etlike gemeentes wat agterstallig was met hulle 15% bydraes, pragtig gereageer het nadat die erns van die aangeleentheid onder hulle aandag gebring is. Per abuis is die naam van APK Tygerberg ook in die lys van gemeentes wat agterstallig is, opgeneem in die sakelys van die Sinode, bl. 31. Dit is 'n ongelukkige fout waarvoor graag verskoning aangebied word, aangesien APK Tygerberg gesteld is daarop dat hulle nie met die bydraes agterstallig raak nie.

Op datum van ter perse gaan van hierdie verslag (23/8/1991) is die volgende gemeentes nog steeds agterstallig:

1991:

; Alfa Mei en Junie 1991; Algoa Mei en Junie 1991; Barkly-Oos Mei en Junie 1991; Beaufort-Wes Mei en Junie 1991; Boksburg Januarie tot Junie 1991; Calvinia Mei en Junie 1991; Delareyville Junie 1991; Fort Beaufort Januarie tot Junie 1991; Harrismith Mei en Junie 1991; Heidelberg Januarie en Junie 1991; Hennenman Maart tot Junie 1991; Hluhluwe Junie 1991; Hoedspruit Januarie tot Junie 1991; Jamestown Januarie 1991; Johannesburg Mei en Junie 1991; Koedoesrand Januarie tot Junie 1991; Krugersdorp Junie 1991; Laingsburg Maart tot Junie 1991; Meyerton Junie 1991; Mooinooi Junie 1991; Oos-Griekwaland Junie 1991; Paul Roux April tot Junie 1991; Reivilo Junie 1991; Rustenburg Junie 1991; Springs Mei en Junie 1991; Standerton Januarie tot Junie 1991; Stellenbosch Mei en Junie 1991; Tzaneen Junie 1991; Vaalwater Junie 1991; Vryburg Januarie tot Junie 1991; Weipe Junie 1991; Witbank Maart tot Junie 1991; Zeerust Februarie tot Junie 1991; Zululand Junie 1991.

1990:

Boksburg Desember 1990; Boshof Junie en Augustus 1990; Carnarvon November 1990; Fort Beaufort April tot Desember 1990; Heidelberg April, Mei, November en Desember 1990; Hoedspruit September tot

Desember 1990; Hoëveldrif Mei 1990; Jamestown Januarie tot Junie en Augustus tot Desember 1990; Marquard Julie 1990; Mooinooi Februarie tot Julie en Oktober tot Desember 1990; Paul Roux Maart, April, Junie tot Desember 1990; Pools Januarie tot Desember 1990; Springs Januarie en Maart 1990; Standerton Junie tot Desember 1990; Utrecht Junie en Julie 1990; Venterstad Januarie tot April 1990; Vryburg Junie tot Desember 1990.

Die BRKA het kennis geneem daarvan dat die volgende gemeentes vanweë besondere omstandighede agterstallig geraak het:

Standerton, Oudtshoorn en Springs. APK Boksburg het 'n reeks vooruitgedateerde tjeks ter delging van die agterstallige bydraes aangebied wat deur die BRKA aanvaar is, en die tjeks word volgens datering deur die bank gehonoreer.

Dit word waardeer dat kerkrade nie sommer net swyg oor die redes vir die agterstalligheid nie, maar daaroor in gesprek tree met die BRKA. Die BRKA is egter nie by magte om in stryd met sinodebesluite uitstel of kwytskelding te verleen nie, en wys kerkrade in ernstige krisis daarop dat slegs die volle RKA in uiterste gevalle 'n aansoek in dié verband mag oorweeg.

Die BRKA het voorts besluit dat 'n verdere brief aan al die agterstallige kerkrade gerig word waarin hulle aandag op die agterstalligheid gevestig word. Voorts word onder meer die vraag gestel of die finansiële state van die gemeente geoudit en die geouditeerde state aan die ring voorgelê is. 'n Afskrif van die skrywe sal ook aan die betrokke ring besorgword. Die BRKA oordeel dat gemeentes in ringsverband daar op plaaslike vlak die beste bevoeg is om saam te soek na oplossings vir gemeentes wat probleme ondervind.

9.1 Aanbeveling:

Die RKA dra dit aan die BRKA op om deur gereelde kontrole onmiddellik op te tree sodra 'n gemeente drie maande agterstallig is met sy bydraes aan die BRKA, en 'n aanmaning uit te stuur.

10. Rekenaarprogramme

10.1 Program vir gemeentelike administrasie:

'n Program is reeds geskryf wat vir gemeentelike administrasie gebruik sal kan word wat aansluit by die behoeftes soos deur die Sentrale Kerkkantoor geïdentifiseer is. Ds DR Schwartz is tans besig om die bruikbaarheid van die program uit te toets.

10.2 Venturaprogram

'n Subkomitee van die BRKA het reeds ver gevorder met 'n ondersoek na die implementering van 'n rekenaarsetprogram. Die sakelys vir die Vyfde Sinode is by wyse van eksperiment en demonstrasie op dié wyse geset, en die meesters aan Loskop Drukkers besorg wat vir die vermenigvuldiging en bindwerk verantwoordelik was.

Die navorsing kan gesien word as deel van 'n eerste fase van ondersoek. Setwerk vorm nie die grootste komponent in drukkoste nie, en eintlike besparing sou dus by 'n volgende fase, naamlik die implementering van 'n eie drukker plaasvind. Dit is egter noodsaaklik dat dié aangeleentheid nog verder deeglik ondersoek word.

10.2.1 AANBEVELING:

Die RKA gee opdrag aan die volgende BRKA om:

1. die navorsing voort te sit en 'n rekenaarsetprogram te implementeer.
2. Om die navorsing na die aankoop van eie drukapparaat voort te sit en na bevind van sake te handel.

11. VAALTERREIN

Die BRKA wil graag ter huldiging van die familie wat die grond geskenk het, die volgende aanbeveling voorlê:

11.1 AANBEVELING:

Die RKA besluit dat Vaalterrein voortaan bekend sal staan as "Steenkampterrein".

12. FINANSIËLE STATE

Ten tye van die vergadering van die BRKA op 13/8/1991 was die geouditeerde state van 1990 vanweë ongesteldheid van die ouditeur nog nie gereed nie. Die state word egter aan die volle RKA vir goedkeuring voorgelê.

13. SLOT

Hiermee vertrou die BRKA dat ook die werk gerapporteer in die aanvullende verslag aan die verwagtinge van die RKA beantwoord.

Die RKA word seën toegebid op sy beraadslaginge.

WJG LUBBE (VOORSITTER)

MC ADENDORFF (SKRIBA)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

BRKA : REGLEMENT VAN DIE APK TRUSTFONDS

NAAM

Reglement van die APK Trustfonds.

APK Trustfonds (hierna die Fonds genoem).

KURATORE

Die kuratore van die fonds bestaan uit die lede van die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie soos hulle van tyd tot tyd deur die Raad vir Kerkadministrasie tydens 'n sinodesitting gekies word.

BEVOEGDHEDE

1. om gelde te ontvang, op die voordeligste wyse te belê of te herbelê by 'n erkende finansiële instelling;
2. om aanbevelings en voorleggings aan die RKA te maak in verband met aanwending van gelde waaroor die fonds beskik;
3. om in uitvoering van besluite, van die RKA gelde te betaal of te reël vir die uitbetaling daarvan.

VERPLIGTINGS

1. Die kuratore is verplig om enige kommissies, heffings of voordele van enige aard in die fonds se naam te belê en is nie geregtig om sodanige kommissies, heffings of voordele vir persoonlike voordeel te ontvang nie.
2. Die kuratore vergader minstens elke drie maande om sake van die fonds te bespreek; die *voorsitter van die BRKA* belê sodanige vergaderings.

3. Die kuratore doen skriftelik verslag van die administrasie van gelde van die Fonds aan die RKA.

4. Die kuratore maak tydig voorsiening vir die beskikbaarstelling van gelde wanneer dit betaalbaar is.

DOELSTELLING

Om finansiële hulp by wyse van 'n pensioen of ander voordeel aan predikante wat in die APK predikantstatus verkry, te verleen ooreenkomstig besluit van die RKA.

BEËINDIGING VAN FONDS

Die fonds bly voortbestaan totdat dit kragtens besluit van die RKA beëindig word.

WYSIGING

Hierdie reglement word slegs gewysig kragtens 'n besluit van die RKA.

DELEGASIE VAN BEVOEGDHEDE

Die kuratore stel uit hul geledere 'n bestuur aan om bevoegdhede uit te oefen en verpligtings te vervul soos aan die bestuur van tyd tot tyd opgedra word deur die kuratore, insluitende die verpligting om elke drie maande te vergader.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VYFDE SINODE: 16 - 21 SEPTEMBER 1991

ADDENDUMVERSLAG: SENTRALE KERKE-KOMMISSIE TYDPERK: 4/7/1991 TOT 6/8/1991

1. PERSONEEL

Nadat ds JA du Plessis, wat Noord-Transvaal verteenwoordig op die SKK, die beroep aangeneem het na APK Springs en daarheen verhuis het, is sy sekundus, t.w. dr E Friis, opgeroep vir die volgende vergadering. Origens is die samestelling van die SKK-personeel soos in die Verslag in die Sakelys vir die Sinode.

2. VERGADERINGS

Die SKK het een verdere vergadering gehou, t.w. op 6 Augustus 1991 in Brookhuis, Brookstraat 109, Brooklyn. Die SKK beoog om nog 'n vergadering op 16 September om 10:00 te hou. (SKK-lede moet asseblief hiervan kennis neem. Lede meld om 10:00 aan voor in die kerkgebou van Corpus Christi.)

Die Dagbestuur het ook een vergadering in dié tydperk gehou, t.w. op 1 Augustus 1991, en beoog nog minstens twee vergaderings, t.w. 22 Augustus en 5 September 1991.

Benewens ander sake deur die SKK en sy Dagbestuur tydens vergaderings hanteer, is 568 briewe gedurende die tydperk 25 Oktober 1990 tot 22 Augustus 1991 in behandeling geneem.

3. GEMEENTESTIGTINGS

Bykomend by die lys in die vorige SKK-verslag aan die Sinode, is die volgende gemeentes gestig:

Orania (1991/7/7), Olifantsrivier (1991/7/11), Hertzogville (1991/7/16), Ladismith

(1991/7/28), Bethulle (1991/7/28), Greylingstad (1991/8/4). Dit bring die totale aantal gemeentes op 221 te staan. Sedert die vorige sinodesitting is daar dus nou 36 nuwe gemeentes gestig.

4. LERAARS

Sedert die vorige verslag is ds IP du Preez op 11 Augustus 1991 tot die bediening in die APK toegelaat.

5. PUBLIKASIEKOMITEE

5.1 Kerkjaarboek

5.1.1 Kerkjaarboek 1991

'n Oplaag van 5000 is gedruk. Daarvan is nog 281 in voorraad.

Kerkjaarboeke van vorige jare is steeds teen R5.00 per eksemplaar te koop.

5.1.2 Die Kerkjaarboek 1992

Byna al die medewerkers het hulle dagstukkies ingestuur, en na verwagting sal die dagstukkies betyds ontvang word sodat die hele manuskrip teen die helfte van September 1991 gereed sal wees.

5.2 Verbondsonderrighandboeke

5.2.1 Herdrukte oplae

Aanvanklik was daar tekorte t.o.v. verskeie standers se boeke. Die herdrukke oplae was egter genoeg sodat alle bestellings uitgevoer kon word.

5.2.2 Hersiene uitgawes

Die Hersieningskommissie vir die opstel van Verbondsonderrighandboeke het 'n program opgestel waarvolgens die hersiene uitgawes betyds beskikbaar sal wees vir gebruik vanaf die begin van 1992. Volle besonderhede sal mettertyd in "Die Boodskapper" verskyn.

5.2.3 "n Volwasse man"

Die handboek vir Verbondsonderrig vir volwassenes, "n Volwasse man" deur prof Roelof Marè, is gedurende die jaar herdruk, en is steeds beskikbaar.

5.3 Ander publikasies

Gedurende die verslagjaar het 9 publikasies verskyn, 5 is ter perse en 13 geniet nog aandag; 10 outeurs is betrokke. Besonderhede van publikasies te koop, verskyn gereeld op die agterblad van "Die Boodskapper".

5.4 Pamflette

5.4.1 Opdragte Vierde Sinode

Verslae aan die Vierde Sinode oor Islam, Hindoeïsme, Bevrydingsteologie, Satanisme en Demone in pamfletvorm (Hand. bl. 498).

Dié aangeleenthede is verwys na die PKKEN en daar word nog gewag op reaksie van dié kommissie.

5.4.2 Chillasme

As gevolg van 'n dringende behoefte daaraan, is ds AE van den Berg se manuskrip, "Die Dwaling van die Chillasme" in pamfletvorm opgestel en gepubliseer, maar die pamflet is voorlopig teruggetrek hangende moontlike korreksies aan die inhoud.

5.5 Ontmoet die APK

Wanneer dié publikasie herdruk word, sal die verwerking van die APK-sendingbeleid, soos opgedra aan dr CI van Heerden, (Hand. bl. 673) daarin vervat word.

5.6 Kaartjies

Verjaardagkaartjies vir Verbondsonderrig asook 'n lidmaatverwelkomingskaartjie is

tans ter perse.

5.7 Sakelys van die Vyfde Sinode

Nadat ds DR Schwartz met behulp van 'n rekenaarsprogram die Sakelys se setwerk afgehandel het, is drukmeesters aan Loskop Drukkers (Groblersdal) verskaf. Loskop Drukkers het binne 10 dae na ontvangs van die drukmeesters die 600 eksemplare van die Sakelys afgelewer.

5.8 Die Kerkargief

Vyf eksemplare van elke publikasie van die APK word vir argiefdoeleindes bewaar, en 10 eksemplare van elke uitgawe van "Die Boodskapper". Twee eksemplare van elke APK publikasie word ook aan die Biblioteek oorhandig.

5.9 Die Wet op Pliglewering, Wet no 17 van 1982

Volgens genoemde Wet is die APK as uitgewer verplig om 'n eksemplaar van elke publikasie aan elk van 5 pligleweringbiblioteke te stuur. Die versendingsafdeling voer die taak nougeset uit ten opsigte van publikasies wat in die verslagjaar verskyn het, en wel van 'n ISBN-nommer voorsien is.

5.10 Beskrywingspunte rakende die Publikasiekomitee

5.10.1 Gehalte drukwerk (Ring van Graniet)

Die Sinode besluit om van 'n drukker gebruik te maak wat beter gehalte drukwerk aan die kerk lewer.

Motivering:

Drukwerk gelewer deur PR Drukkers is nie van goeie gehalte nie t.o.v. Verbondsonderrigboeke, sertifikate, Jaarboeke. Dit skep 'n swak beeld van ons Kerk.

5.10.1.1 Aanbeveling:

Die Sinode gee opdrag aan die Publikasiekomitee om toe te sien dat die beste gehalte professionele drukwerk wat bekostigbaar is, vir APK-publikasies gebruik word.

5.10.2 Jaarboek (Ring van Germiston)

Die Sinode besluit dat:

- (a) alle keurdatums wat die publikasie van die Kerkjaarboek voorafgaan met twee (2) maande vervroeg word,
- (b) die Jaarboek voortaan vroeg in November van elke jaar gereed sal wees vir verspreiding aan die gemeentes, sodat elke APK lidmaat die geleentheid sal hê om 'n nuwe Jaarboek voor die Desemberavakansie aan te koop, en
- (c) die jaartal nie so prominent op die voorblad sal verskyn nie maar liefers in die voorwoord vervat sal word, sodat die Kolporteurs/trises enige oorskotte van 'n gegewe jaar miskien in die daaropvolgende jaar van die hand kan sit.

Motivering:

Namens die Ring van Germiston wil ons ons waardering betuig aan elkeen wat gemoeid is met die koördinerende en voorbereiding van die APK Jaarboek. Hierdie publikasie het hom reeds bewys as 'n onmisbare bron van inligting en 'n daaglikse lig op die pad wat elke leser geestelik opbou.

Dit is daarom noodsaaklik dat hierdie Jaarboek betyds beskikbaar in die gemeentes sal wees vir verspreiding onder die lidmate.

Aangesien dit 'n redelike duur item is en oorskotte afgeskryf moet word, asook vanweë die feit dat laat versending en verspreiding (middel Januarie tot Maart) die promosietydperk geweldig inkort, bestel gemeentes liefers te min as te veel Jaarboeke.

Enige verbetering op bogenoemde feite en omstandighede kan slegs bydra om die doeltreffendheid en bemarkbaarheid van die Jaarboek te verhoog.

5.10.1.1 Aanbeveling:

(i) Die Sinode keur (b) van die beskrywingspunt van die Ring van Germiston rakende die Jaarboek goed maar vervang vroeg in November met vóór 15 November.

(ii) Die Sinode neem kennis van (a) en (c) van die beskrywingspunt van die Ring van Germiston rakende die Jaarboek.

5.10.3 Preekbundels (Ring van Bloemfontein)

Die Sinode gee opdrag aan die Publikasiekomitee van die SKK om weer ernstig aandag te gee aan die publiseer van meer preekbundels vir gebruik vir leesdienste. Dat ten minste twee bundels per jaar sal verskyn.

Motivering:

Daar bestaan steeds 'n dringende behoefte aan goeie, gereformeerde leespreke vir die talle geleenthede waar gemeentes sonder die dienste van 'n leraar moet klaarkom. Die beskikbare preekbundels in die handel is baie selde bruikbaar. Leraars van die APK kan op 'n gereelde basis preke aanstuur na die SKK vir beoordeling en gebruik in sulke bundels.

5.10.3.1 Aanbeveling:

Die Sinode keur die beskrywingspunt van die Ring van Germiston rakende Preekbundels goed.

5.10.4 Sektes en dwalinge (Ring Van Kimberley)

Die Sinode gee opdrag aan die Publikasiekomitee om 'n volledige bespreking van sektes en dwalinge in "Die Boodsapper" te publiseer of, indien moontlik, dit as 'n los blad of stuk in verstaanbare taal aan gemeentes beskikbaar te stel ten einde groter verspreiding moontlik te maak.

5.10.4.1 Aanbeveling:

Die Sinode keur die beskrywingspunt van die Ring van Kimberley rakende sektes en dwalinge goed na vervanging van die woord of, indien moontlik (r. 3) met en.

6. "DIE BOODSKAPPER"

6.1 Redakteur en redaksie aangewys

Die SKK het volgens sy lasgewing 'n redakteur, 'n redaksie en medewerkers aangewys. 'n Aanbeveling vir 'n dienssooreenkoms met 'n toekomstige redakteur(s) word in 6.8 en 6.9.1 hieronder voorgelê. Die redaksie het 'n kernredaksie asook portefuljes vir sy redaksielede aangewys. Die name van redaksielede en

medewerkers verskyn in elke blad. Die redaksie het kennis geneem van sy lasgewing. Die SKK het van sy Publikasiekomitee rapport oor "Die Boodskapper" ontvang. (Kyk Aanbeveling 6.9.1)

6.2 Frekwensie van verskyning

"Die Boodskapper" het tien keer per jaar verskyn: maandeliks en gesamentlik vir November-Desember en Januarie-Februarie. Die redaksie het reeds besluit dat die blad elf keer per jaar moet verskyn: maandeliks een en vir November-Desember een.

6.3 Oplaag

Die oplaag van die blad moes opgeskuif word danksy die groeiende getal gemeentes en die groeiende getal lidmate. Die oplaag beloop sedert die Augustus-uitgawe 13 000 per maandelikse uitgawe.

6.4 Versending aan gemeentes

Aan elke gemeente word soveel eksemplare verskaf as wat hy bestel, ongeag 'n gemeente se geldelike bydrae. Die redaksie se strewe bly steeds om die sinodebesluit uit te voer dat die blad na elke besoekpunt in elke gemeente moet gaan. (Kyk Aanbeveling 6.9.2)

6.5 Adverteerders

"Die Boodskapper" het weer soos in die verlede, ruimte verkoop aan goedgekeurde adverteerders, asook aan APK-instansies wat met vaste reëlmaat 'n vaste ruimte in die blad wil gebruik. Aan APK-lidmate wat APK-sake wil adverteer, word 50% afslag gegee.

6.6 Intekengelde

Kerkrade kan inteken teen R10-00 per eksemplaar per jaar vir 'n minimum van 20 eksemplare of vir elke besoekpunt waar daar minder as 20 besoekpunte is. Kerkrade kan ook in plaas van in te teken, 'n vrywillige bydrae maak na vermoë van die gemeente. Oor die algemeen teken Kerkrade in of dra by op 'n lofwaardige wyse. Kerkrade wat in gebreke gebly het, is vriendelik per brief herinner. (Kyk Aanbeveling 6.9.3)

6.7 Nuwe Drukker

Met goedkeuring van die SKK het die Redaksie besluit om die blad vanaf die September-uitgawe by Pro Media-Drukkers te laat druk ter wille van beter gehalte drukwerk en spoediger aflewering. (Kyk Aanbeveling 6.9.4)

6.8 Diensooreenkoms : Redakteur

Die SKK het kragtens punt 11 van sy lasgewing (kyk bl. 86 in Kerkordeboek) riglyne neergelê vir 'n diensooreenkoms met die Redakteur van "Die Boodskapper". Die onderstaande riglyne is na die KKS vir kommentaar deurgestuur, en na ontvangs van die kommentaar sal die riglyne deur die SKK gefinaliseer word.

6.8.1 Die redakteur word benoem deur die SKK uit die geledere van APK-predikante.

6.8.2 Die redakteur werk onder toesig van die SKK en wel volgens die lasgewing vir "Die Boodskapper".

6.8.3 Die redakteur tree op as voorsitter van die redaksie en as eindredakteur van "Die Boodskapper".

6.8.4 Die benoemde redakteur behou sy status as beroepbare predikant, en is terwyl hy redakteur is, beroepbaar na 'n plaaslike kerk met beperkte opdrag, soos deur die SKK goedgekeur.

6.8.5 Die redakteur word vergoed soos gebruiklik vir 'n predikant van die APK, soos deur die SKK vasgestel van tyd tot tyd, en wel uit die jaarlikse begroting vir "Die Boodskapper".

6.9 AANBEVELINGS

6.9.1 Aanbevole diensooreenkoms

Die Sinode keur die aanbevole diensooreenkoms met 'n redakteur as riglyn vir die SKK goed, en dra dit aan die SKK op om 'n diensooreenkoms volgens hierdie riglyn met elke redakteur wat deur die SKK aangewys word, te finaliseer.

6.9.2 "Die Boodskapper" vir elke besoekpunt

Die Sinode doen 'n beroep op elke kerkraad om een eksemplaar van "Die Boodskapper"

vir elke besoekpunt te bestel, en seker te maak dat "Die Boodskapper" elke besoekpunt bereik. Kerkrade word versoek om ook addisionele eksemplare te bestel vir bekendstelling van die APK aan belangstellendes.

6.9.3 "Die Boodskapper" as kommunikasiemedium

Die Sinode doen 'n beroep op elke Kerkraad om in te teken op of na vermoë by te dra tot "Die Boodskapper" ten einde te help verseker dat onderlinge kommunikasie in ons AP Kerk steeds bevorder word en ons lidmate goed ingelig bly.

6.9.4 Dank: PR Drukkers

Die Sinode betuig sy waardering jeens PR Drukkers vir behulpsume, vriendelike en billike drukkersdiens gelewer aan "Die Boodskapper" sedert sy ontstaan. Die Sinode is dankbaar dat PR Drukkers se dienste steeds tot beskikking van die Sinode se Publikasiekomitee is.

6.9.5 Dank: Medewerkers

Die Sinode betuig sy waardering teenoor almal wat meewerk of bydra om "Die Boodskapper" se gereelde verskyning en verspreiding moontlik te maak, en sodoende bydra om ons lidmate geestelik te help opbou.

7. INTERKERKLIKE VERHOUDINGE

7.1 Gesprek

Op 11 Junie 1991 het samesprekings tussen die Dagbestuur van die SKK en verteenwoordigers van die NG Kerk plaasgevind. Van die kant van die NG Kerk het deelgeneem aan die gesprek prof PC Potgieter (wat ook as Voorsitter tydens die samesprekings opgetree het), prof JA Heyns, dr DJ Hattingh en dr Pierre Rossouw. Dr FM Gaum was met verskoning afwesig.

Die gesprek het gehandel oor onder meer die volgende aangeleenthede:

Besware teen "Kerk en Samelewing" soos geopper in die Stigtingsakte van die APK, die afvaardigings se onderskeie siening van die

twee kerke, aspekte van die ASK van die NG Kerk se antwoord op "Geloof en Protes", kerklike bemoenens met partypolitiek en verdere kerklike korrespondensie.

Die afvaardiging van die NG Kerk verlang volgens opdrag van die Algemene Sinode dat die gesprek tussen die APK en die NG Kerk voortgesit moet word. Die afvaardiging van die APK het hom die reg voorbehou om verder oor die wenslikheid van die voortsetting van die gesprek te besin en die aangeleentheid ook by die Sinode te berde te bring. Die gesprek het in 'n aangename gees verloop nieteenstaande skerp stellings wat teen mekaar gemaak is.

7.1.1 Aanbeveling:

Die Sinode gee opdrag aan die SKK om temas vir voortgesette gesprek met die NG Kerk te identifiseer, en aan die hand daarvan die gesprek met die NG Kerk voort te sit.

7.2 Gesprek met die Nederduitsch Hervormde Kerk

Reëlins is getref dat 'n tweede gesprek in opvolging van een gehou in 1990, tussen die Dagbestuur van die SKK en die Raad vir Gesprek met ander Denominasies van die NH Kerk op 22 Augustus 1991 in die Sentrale Kerkkantoor plaasvind. Hoewel die gesprek buite die tydperk van verslaggewing val, word hier tog kortliks soos volg daaroor gerapporteer:

Die volgende lede van die Raad vir gesprek met ander Denominasies (van die NHK) het in die Sentrale Kerkkantoor met die Dagbestuur van die SKK gesprek gevoer:

Prof JJ Engelbrecht, Prof PM Venter, ds WR Tertius Hindley, dr J Buitendach, dr JS Naudé.

Die gesprek het gewentel om skriftelike antwoorde wat die Dagbestuur verskaf het op sekere vrae van die NHK rondom die ontstaan van die APK. Aandag is gegee aan die stelling deur die APK dat die Skrif en belydenis deur die NGK-besluite aangetas is, aan die futiele pogings wat die beswaardes aangewend het om 'n werklik luisterende oor by die NG Kerkleiding te vind en aan die feit dat die gewraakte besluite van die Algemene Sinode van 1986 'n kulminasie was van 'n jarelange aanslag.

Die NHK het onderneem om vir 'n volgende gesprek skriftelike antwoorde te verstrek op enkele vrae van die APK.

Insiggewend is die verklaring dat die NH Kerk beslis op die quia-standpunt staan tov die Belydenisskrifte en nie op die quatenus-standpunt nie, maw dat hulle nie die Belydenisskrifte aanvaar nie "in soverre" nie, maar "omdat" dit die Bybelse waarhede weergee.

Die gesprek het in 'n aangename gees verloop.

8. SKAKELING MET OWERHEID

'n Uitnodiging is van die Staatspresident ontvang om saam met die NG Kerk, die NH Kerk, die Gereformeerde Kerke, en die AGS gesprek te voer oor die verdeeldheid in Afrikanergeledere en die dreigende geweldadige konflik. Die uitnodiging asook die reaksie van die Dagbestuur daarop is in "Die Boodskapper" gepubliseer.

9. BRIEF AAN OWERHEID I/S CHRISTELIK-VOLKSEIE ONDERWYS

Die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding kon vanweë omstandighede nie uitvoering gee aan 'n versoek van die SKK om 'n konsepbrief op te stel nie.

10. KOMITEE VIR MEDIASKAKELING

Die Voorsitter van die SKK het verdere onderhoude gevoer met SAUK-TV (oor "Israelvisie"); met mev Paze van RGN (oor menseregte); met 'n televisienetwerk van Engeland oor reaksie op die Rustenburgberaad. Hy het ook deelgeneem aan 'n onderhoud oor die radioprogram Monitor (oor Kerk, politiek en versoening)

11. GELDELIKE HULP AAN GEMEENTES

Onderstaande gegewens toon die geldelike hulp wat gedurende die afgelope twee jaar aan elf gemeentes verleen is:

- 1 Januarie 1991 - 5 Augustus 1991:
R1 02100.00
- 1 Januarie 1990 - 31 Julie 1990 :
R 6 8367.81 (3 gemeentes)
- 1 Augustus 1990 - 31 Desember 1990:
R 8 0711.29

12. DIE GIDEONS (By hierdie verslag aangeheg as Bylae SKK. AA)

Onderstaande aanbeveling vervang die aanbevelings in dié bylae.

12.1 Aanbeveling:

Die Sinode beveel aan dat kerkrade in die lig van feite en in ooreenstemming met die Kerkorde sal optree indien hulle deur lede van die Gideons genader word en dat gemeentes deur hulle eie lidmate wat Gideons is, slegs met die oog op bekendstelling toegesprek sal word, sodat hulle steeds onder opsig van die kerkraad optree.

13. VROUEAKSIE

Volgens besluit van die Vierde Sinode (Handelinge bl. 587 - 589) het verteenwoordigers van die SKK, die KKS, PKKEN en die AK van die Vroueaksie 'n ad hoc-kommissie gevorm wat by meer as een vergadering aandag aan sy opdrag gegee het. Die verslag van dié ad hoc-kommissie word selfstandig net na die Addendumverslag van die SKK aangebied.

14. TOELATING VAN LERAARS

Die saak oor toekenning van status is deur die Vierde Sinode "terugverwys na die SKK en die Kuratorium om 'n gesamentlike voorstel vir die volgende sinode voor te berei." (Handelinge van Vierde Sinode 1990, bl. 669 punt 4).

Die SKK en die Kuratorium het op 6 Augustus 1991 vergader en na indringende bespreking besluit om 'n meerderheids- en 'n minderheidsvoorstel aan die sinode voor te lê.

15.1 Meerderheidsvoorstel:

Die Sinode besluit dat alle

statustoekenning gedoen word deur die Kuratorium alleen. Leraars wat met status van ander kerke na die APK oorkom, moet ook soos enige ander persoon wat om status aansoek doen, by die Kuratorium aansoek doen.

Minderheidsvoorstel:

Artikel 10.3 van die Kerkorde wat so lui: "Die Sinode stel 'n Kuratorium aan wat alle belange t.o.v. opleiding, Colloquium Doctum en toekenning van status aan proponente en persone wat voorheen die amp van bedienaar van die Woord beklee het, behartig" word aangevul met die volgende sin: "Toelating van persone wat aansoek doen om bedienaars van die Woord te word binne die verband van die APK, en wat ten tye van toelating die status van bedienaar van die Woord het in 'n ander kerk, geskied deur die Sentrale Kerkekommissie."

15. VOORTBESTAAN VAN DIE SKK (3.8 in Sakelys vir die Vyfde Sinode)

Die Vierde Sinode het besluit: "Die voortbestaan van die SKK word verwys na die SKK, KKS, Kuratorium en BRKA vir besinning en advies aan die Vyfde Sinode." (Hand. bl. 577)

Ter uitvoering van die opdrag het die betrokke kommissies op 6 Augustus 1991 vergader en besluit om 'n meerderheids- en 'n minderheidsaanbeveling aan die Sinode voor te lê. Die stemverdeling t.o.v. die twee aanbevelings was 15 teen 10.

Meerderheidsaanbeveling:

Die Sinode besluit om:

- 1. Die SKK in sy huidige vorm te ontbind.
- 2. Die lasgewing tans aan die SKK toegewys, te herlei na
 - * 2.1 bestaande kommissies wat die lasgewing kan opneem na hulle aard en
 - * 2.2 die oorblywende lasgewing te herlei na twee kommissies wat geskep word t.w.
 - 2.2.1 'n Kommissie vir Publikasies wat tans 'n subkommissie is van die SKK en

– 2.2.2 'n Kommissie vir Kommunikasie.

Motivering:

1. Die Kommissie vir Kommunikasie kan die volgende lasgewing van die SKK akkommodeer:
 - Punte 10 en 17, 15 en 16.
2. Die Kommissie vir Publikasies akkommodeer punt 7A en 11 van die bestaande lasgewing, terwyl vanweë uitgebreide werksaamhede 'n volledige lasgewing voorberei word, en dié kommissie i.p.v. die SKK die verteenwoordiger aanwys op die BRKA.
3. Die BRKA as administratiewe liggaam hanteer die volgende lasgewing:
 - Punte 4, 5, 6, 7 en 13A in samewerking met Fondse.
 - Punt 6 kan desnoods deur 'n Ad hoc-kommissie, deur die Sinode benoem, hanteer word.
4. Die Kommissie vir Argief neem verantwoordelikheid vir punt 8.
5. Die Sinode neem verantwoordelikheid vir 2 en 3 van die lasgewing.
6. Die Kuratorium neem lasgewing 9 oor.
7. Lasgewing 12 hoort nie by 'n kommissie tuis nie. Elke Sondag is 'n dag van verootmoediging. Indien buitengewone omstandighede dit vereis, kan die Kommissie vir Kommunikasie dit reël.
8. Lasgewing 14 verval.
9. Lasgewing 18 is reeds deur die Sinode (1990) gereël en herlei na 2, moontlik 3 Ad hoc-komitees.

15.2 Minderheidsaanbeveling:

Die Sinode het op sy eerste vergadering 'n Sentrale Kerkekommissie in die lewe geroep wat verteenwoordigend is van die Sinode self en van plaaslike kerke streeksgewys. Die Sinode het sedertdien van vergadering tot vergadering verslag aangehoor van die SKK en opdragte aan die SKK gegee. Die Sinode het ook aan die SKK besondere lasgewing gegee wat by geen ander Kommissie tuishoort nie. Daarmee het die Sinode getoon dat hy vir

die SKK 'n besondere staanplek en funksie sien. Die Sinode is tevrede met so 'n Kommissie soos die SKK en handhaaf die SKK.

16. VAARTBELYNDE KOMMISSIEVERGADERINGS

Die SKK het 'n skriftelike voorlegging deur dr AG Burger ontvang wat so lui:

"Die volgende voorstelle word aan die kommissie voorgelê met die versoek dat dit ook *via die Sinode* deurgegee word na die volgende SKK of toepaslike kommissie:

1. Geen kommissielid mag op meer as een kommissie dien nie (by wyse van hoogste uitsondering op twee kommissies)
2. Indien 'n kommissielid van een kommissie op 'n ander kommissie of komitee as verteenwoordiger van eersgenoemde kommissie dien, voldoen dit aan die vereiste van "by wyse van hoogste uitsondering".
3. Die posisie van die Publikasiekomitee, die Dagbestuur, die Kommissie vir Mediaskakeling en die Redaksie van "Die Boodskapper" moet herkonstrueer word, sodat al hierdie komitees of kommissies uit verskillende persone bestaan.

Dit sal tot gevolg hê dat die lasgewing van onder andere die Sentrale Kerkekommissie soos vervat in punt Q 11 en Q 15 herformuleer moet word.

VOORSTEL:

- (a) Punt Q 11 (Lasgewing SKK): Skrap alles na "diensooreenkoms"
- (b) Skrap Q 15 heeltemal.

Die lasgewing t.o.v. die Redaksie van "Die Boodskapper" behoort ook geïmplementeer te word. (Bl. 84 in "Kerkorde, Bepalings, Ordereëls vir vergaderings, Bylaes en Sinodebesluite" 1990.)

MOTIVERING:

Tans funksioneer die Dagbestuur van die SKK as al hierdie kommissies en laat boonop nog die predikante ook toe tot die bediening. Dit laat onbewustelik en verkeerdelik die gedagte by lidmate ontstaan dat die

Voorsetter van genoemde kommissies die hoof van die Kerk is, asook dat 'n kommissie 'n hoof of finale kommissie is. Dit is 'n onbegonne taak vir een mens om aan al hierdie take behoorlik uitvoering te gee.

4. Die SKK moet heroorweging gee aan sy besluit soos vervat in die notule van 22 Januarie 1991 punt 18.1.1 i.v.m. die "sakebestuurder" van "Die Boodskapper", veral in die lig van besluit 10.11.1 van 4 Junie i.v.m. "eie drukker". Myns insiens behoort hierdie twee sake bymekaar. (? BRKA)

5. In aansluiting met bogenoemde punt behoort 'n afsonderlike permanente sinodale publikasiekomitee geskep te word met 'n spesifieke lasgewing wat o.a.

5.1 slegs publikasies evalueer en resenseer met skriftelike verslag aan die sinode.

Die uitgewer/drukker/sakebestuurder sal dan vir die tegniese versorging verantwoordelik wees. Die publikasiekomitee sal vir die resensie verantwoordelik wees en die skrywer sal vir die inhoud verantwoordelik wees.

6. 'n Mediaskakelkommissie met 'n spesifieke lasgewing moet geskep word, onafhanklik van die SKK.

7. Dit is 'n dringende vereiste dat by 'n groot vergadering soos die SKK die agenda met die tersaaklike inligting vooraf aan lede gesirkuleer word. Sekerlik is dit 'n praktiese probleem en sekerlik is dit ook 'n koste-probleem, maar as in ag geneem word die koste van 'n SKK-vergadering en die tyd wat ons daaraan spandeer, kan ons sekerlik die tyd wat ons daaraan spandeer meer effektief gebruik en minder sake verwys."

16.1 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode verwys die voorlegging van dr AG Bugar rakende "Vaartbelydende Kommissievergaderings" na alle permanente sinodale kommissies vir kommentaar, en gee opdrag aan 'n spesifieke kommissie om 'n samevattende verslag daaroor aan 'n volgende sinode voor te lê.

17. KENNISGEWING IN VERBAND MET SINODESITTING (Kyk 3.24 in Sakelys vir Sinode, bl. 4)

Vanweë die omstandighede gemeld onder 3.24 in die Sakelys vir die Vyfde Sinode, was die kennisgewingstydperk van die plek van die Vyfde Sinodesitting minder as drie maande.

17.1 Aanbeveling:

Die Sinode kondoneer die laat kennisgewing in verband met die plek van sinodesitting wat onder die besondere omstandighede nie in ooreenstemming met Kerkorde Bep. 41A geskied het nie.

18. SLOT

Die SKK bid die Sinode seën toe op sy werksaamhede en vertrou dat die arbeid van die SKK daartoe bygedra het dat die Sinode vlot en vrugbaar kan werk.

wg. WJG LUBBE (*Voorsitter*)

MC ADENDORFF (*Skriba*)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

ADDENDUMVERSLAG SKK

"DIE GIDEONS IN SUID-AFRIKA"

1. OPDRAG

Die opdrag spruit uit die volgende beskrywingspunt en die daaropvolgende besluit van die Sinode van 1990:

1.1 Kerkrade moet daarteen waak dat verteenwoordigers van die "Gideons" gemeentes toespraak met die DOEL (OF gevolg) dat APK-lidmate fondse vir Bybelverspreiding via die GIDEONS kanaliseer. Lidmate moet daarvan bewus gemaak word dat die Bybelgenootskap statistiek hou van elke kerkverband se bydraes tot Bybelverspreiding. Fondse via die Gideons benadeel dus die APK-statistiek. (Agenda 1990 Sinode, p. 23 pt. 3.18.3)

1.2 Kennis geneem: Die volgende voorstel word na die SKK verwys;

Die terme "waak dat verteenwoordigers van die Gideons gemeentes toespraak met die doel dat APK lidmate fondse vir Bybelverspreiding via Gideons kanaliseer". Die stelling is teen die gees en doelstelling van Gideon bediening:

1. Elke sent aan Gideons geskenk, word Bybels mee gekoop.
2. Gideons versprei Bybels in hospitale, hotelle, skole, ens. waar dit onmoontlik is vir Kerke sonder Implikasies.
3. Gideons is NIE in opposisie met Bybelgenootskap nie - ons werk met hulle saam aangesien ons Bybelvoorsiening van hulle afhanklik is.
4. Gideons behoort die kans gegun te word om aan hulle gemeentes te rapporteer van hulle bedrywighede - aangesien ons gemeentelike ondersteuning nodig het, veral t.o.v. gebed en gesindheid.

5. Ons is nie 'n geheime organisasie nie!!

6. Ons verkondig geen dogma nie!!

7. Verdere inligting kan van mnr. Christo de Vries van die Gideon hoofkantoor te Nicholsonstraat Pretoria gekry word.

NS Die Gideons het nog net altyd die goeie gesindheid van erkende Protestantse Kerke gesoek. (DG vd Merwe).

(Handelinge van die Sinode 1990 p. 667 pt. 3.18.3)

2. WERKSWYSE

2.1 Die SKK benoem die volgende persone om 'n volledige ondersoek in te stel na die "Gideons" nl. dr. AG Burger en ds. MP Taute. Die broeders word gevra om alle inligting te evalueer en 'n konsepaanbeveling aan die SKK voor te lê. (Notule van SKK vergader 22 Januarie 1991 pt. 15.14)

2.2 Die grondwet en handleiding van die organisasie is gebruik. Groot dele word woordeliks aangehaal.

2.3 'n Persoonlike onderhoud met mnr. Christo de Vries is gevoer op 27 Maart 1991 te Pretoria by die hoofkwartier van die Gideons.

3. VERSLAG

Uit die geskifte en gesprek met die Hoofdirekteur blyk die volgende:

3.1 GESKIEDENIS VAN DIE VERENIGING

"Gedurende die herfs van 1898 het John Nicholson van Janesville, Wisconsin, VSA by die Central Hotel in Boscobel, Wisconsin,

oornag. Aangesien die hotel stampvol was, is hy versoek om 'n dubbelkamer met Samuel Hill van Beliot, Wisconsin te deel. As 'n twaalfjarige seun het John Nicholson sy sterwende Moeder belowe dat hy elke dag sy Bybel sou lees en sou bid. Aangesien dit al jare lank sy gewoonte was om die Bybel te lees voordat hy gaan slaap, het die twee mans spoedig ontdek dat hulle albei Christene was. Hulle het saam hulle aandgodsdienste gehou en daar, op hulle knieë voor God, het die gedagte ontstaan wat later tot die Vereniging gelei het.

Op 31 Mei 1899 kom hulle by Beaver Dam, Wisconsin byeen, en besluit om Christenhandelsreisigers te verenig met die oog op onderlinge erkenning, persoonlike evangelisasie en gesamentlike diens aan die Here. 'n Vergadering word vir 1 Julie 1899 te Janesville in die CVJM belê.

Slegs drie mans is teenwoordig: John Nicholson, Samuel Hill en Will Knights. Hulle kies Hill as president, Knights as vise-president en Nicholson as sekretaris en tesourier. Hulle dink baie na oor wat die naam van die vereniging moes wees. Na spesiale gebed dat die Here moet lei om die regte een te kies, staan mnr. Knights van sy knieë op en sê: "Ons sal Gideons genoem word". Hy lees die sesde en sewende hoofstukke van Rigters voor en motiveer waarom die naam, "Gideons," aanvaar moet word.

Gideon was 'n man wat gewillig was om presies te doen wat God van hom verlang het, ongeag sy eie oordeel omtrent die planne en gevolge. Nederigheid, geloof en gehoorsaamheid was sy belangrikste karaktertrekke. Dit is die standaard wat die Gideons by al sy lede probeer vestig, dat elkeen bereid moet wees om God se wil te enige tyd, enige plek en op enige wyse, onder leiding van die Heilige Gees te doen. In die lig daarvan dat byna al die Gideons in die vroeë jare van die Gideonbediening sakemanne was wat dikwels gereis het, het die vraag natuurlikerwys ontstaan hoe hulle meer effektiewe getuies kon wees in hotelle waar hul noodsaak was om so baie van hul tyd deur te bring. Een voorstel was dat so 'n Bybel moontlik by elke hotel se ontvangstoonbank geplaas kon word waar gaste dit sou kon leen as hulle wou. Wanneer hulle elders op reis was, sou die Bybel ook 'n stil getuie kon wees, het hulle gemeen. Die vraag oor hoe meer effektief opgetree kon word, is indringend oorweeg

tydens 'n kabinetvergadering op 19 Oktober 1907 in Chicago. Een trustee het so ver gegaan om voor te stel dat die Gideons 'n Bybel vir elke hotelkamer in die Verenigde State voorsien.

"Na my mening sal dit nie alleen die werksaamhede van ons gewone lede stimuleer nie, maar dit sal 'n liefdeshandeling wees, ten volle in ooreenstemming met die heilige roeping van die Gideonbeweging." Die plan is tydens die 1908 konvensie te Louisville, Kentucky, aanvaar.

Dit is interessant om daarop te let dat die gebruik dat kerke tot die Skriftuurfonds van die Gideons bydra sy oorsprong by 'n leraar gehad het. Slegs twee maande na die 1908 konvensie te Louisville, vind 'n staat konvensie in Cedar Rapids, Iowa plaas. Teenwoordig is ook die nasionale sekretaris, Frank Garlick, wat van Chicago af oorgekom het. Saam met mnr. HVT Moore woon hy 'n byeenkoms van die Ministerial Union by.

Toe hulle werksaamhede afgehandel is, vra hulle Broer Garlick om die predikante oor die werk van die Gideons in te lig. Hy wys onder meer op die behoeftes aan Bybelverspreiding. Toe hy na 10 minute afsluit, stel mnr. Moore se eie predikant, dr. ER Burkhalter van die First Presbyterian Church voor "That Gideon Bibles be placed in all local hotels and that the Union be responsible for the funds."

Die voorstel word eenparig aanvaar en 'n komitee word benoem om die koste onder die kerke te verdeel na gelang hul vermoë.

Op die manier het die gedagte dat die Gideonbediening 'n "verlengde arm" van die kerk is, ontstaan; die kerk self het eerste besluit om die Bybelplasingsprogram finansieel te ondersteun. Die Gideon beweging het God geloof vir die openbaring van Sy plan waarkragtens die plaaslike kerk die nodige fondse sou voorsien.

In 1950 is Suid-Afrika as Gideon-land georganiseer en op 31 Mei 1964 as 'n Nasionale vereniging."

Die amptelike naam van die vereniging is: "Die Gideons in Suid-Afrika" en is met "Die Gideons Internasionaal" geaffilieer.

3.2 "1903 BELEID":

"Daar is 'n baie ou reël van die Vereniging dat die Gideons nie in die uitvoering van of hulle eie program of die program van 'n ander organisasie met sodanige organisasie affilieer of assosieer nie.

Hierdie beleidsbesluit is reeds in 1903 soos volg geformuleer:

Dat ons as 'n Vereniging streng by die doelstelling van die Gideons bly en nie op enige wyse met enige ander organisasie affilieer nie"

Dit is daarom dat die program van Bybelverspreiding en die lewering van die persoonlike getuienis uitsluitlik deur Gideons gedoen word. Dit beteken dat Bybels nie aan leraars, sendelinge, kerkgenootskappe, of enige ander Christelike groep voorsien word nie. Die Gideons tree ook nie in samewerking op met enige ander organisasie, kerkgenootskap, leraar, sendeling of evangelis by evangelieveldtogte, straatbyeenkomste, gevangenisdienste, ens. op nie.

3.3 DOEL

Die doel van die Gideons is om ander te wen vir die Here Jesus Christus deur:

- die vereniging van Christen sake- en professionele manne vir diens;
- die persoonlike getuienis en persoonlike werk deur individuele Gideons;
- die beskikbaarstelling van die Bybel- God se Heilige Woord- of gedeeltes daarvan in hotelle, hospitale, skole, inrigtings asook deur verspreiding daarvan vir persoonlike gebruik.

3.4 LIDMAATSKAP

Lidmaatskap bestaan uit sake- en professionele manne met die uitsondering van predikante, wat glo in die Bybel as die geïnspireerde Woord van God, glo in die Here Jesus Christus as die ewige Seun van God, Hom aanvaar het as hul persoonlike Verlosser, streef om Hom te volg in hul daaglikse lewe en wat volwaardige lidmate van 'n evangeliese of protestantse kerk of gemeente is.

3.5 WAT NIE BY 'N

GIDEONLAERDINEEVERGADERING GEDOEN OF BESPREEK WORD NIE.

Aangesien talle nuwe Gideons elke jaar by die Vereniging aansluit, is dit noodsaaklik om belangrike beleidsrigtings van ons Vereniging te beklemtoon sodat veral die nuwe lede daarvan kennis sal dra. Daar was in die verlede gevalle by Gideons vergaderings (bidure, laerdineeevergaderings en konvensies) wat strydig was met die langjarige beleid van die Gideons wat die bespreking van leerstellings strydig was en die uitvoering van sekere gebruike waarvoor ernstige Christene verskil, verbied. Soos in die Vraag en antwoordafdeling van hierdie Handleiding onder die opskrif "Gideonvergaderings" vervat, moet die volgende by name nooit by Gideonvergaderings of besprekings of onderaam of na verwys word nie; doopplegtighede, nagmaaldienste, geloofsgenesingsbyeenkomste, massavergaderings, spreek in tale of soortgelyke sake.

3.6 GODSDIENSTIGE GROEPE EN KERKE

"Daar is sekere godsdienstige groepe, sektes en kultusse wat daarop aanspraak maak dat hulle onder die Christelike vaandel staan, maar wat nie as lede aanvaarbaar is nie. Van hierdie geestelike groepe erken die geskrewe werk van menslike skrywers as geïnspireerd, op dieselfde wyse as wat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is. Ander trek die goddelikheid van Christus in twyfel, of Sy posisie as Saligmaker, of beklemtoon Hom nie as persoonlike Saligmaker nie, of ontken die eindlose poel van vuur vir die verlorene.

Onder hierdie groepe, wie se lede volgens Artikel 4 van die Grondwet nie vir Gideonlidmaatskap aanvaarbaar is nie, is Rooms-Katolieke, Jehovasgetuies, Mormone, Christian Scientist, Sewendags-Adventiste, Advent-Christene, Grieks-Ortodoks, Ortodoks-Siries, Unitariërs, Universaliste, Ou Apostoliese kerk."

3.7 FONDSE

"Die drie goedgekeurde metodes om fondse vir die aankoop vir plasing van Bybels te bekom is;

- deur persoonlike bydraes en bemakings deur Gideons.

- Deur middel van deurkollektes wat tydens kerkopdragte opgeneem word, en
- deur die Gideon-lewendegedenkbybelplan.

Ander metodes om fondse in te samel, word nie toegelaat nie. Die verspreiding van goedgekeurde vorms vir openbare skakeling soos in die bestellingslys van verkoopsgoedere aangetoon, word egter nie hiermee verbied nie."

3.8 BYBELVERSPREIDINGSBELEID

"Die beleid van die Gideons Internasionaal is dat die Bybelverspreidingsprogram uitsluitlik deur Gideons gedoen word. Dit beteken dat Bybels nie aan leraars, sendelinge, kerke en ander christengroepe voorsien word nie.

Hierdie beleid skakel die moontlikheid uit dat Gideons die werk van ander Christelike organisasies en Christelike uitgewers dupliseer, en verseker ook dat ons program 'n identiteit van sy eie handhaaf. Daar is 'n langjarige beleid van die Gideons Internasionaal dat ons nie affilieer nie, of die Gideons in enige opsig met ander organisasies in die uitvoering van ons program, of die van 'n ander organisasie, assosieer nie. Dit geld vir sowel ander lande as die VSA. Hierdie beleid is in 1903 aanvaar."

3.9 UITGAWES EN VERTALINGS

3.9.1 Slegs uitgawes en vertalings wat deur die nasionale kabinet goedgekeur is en amptelik deur die Gideons in Suid-Afrika versprei word, mag deur Gideonlaers geplaas of versprei word.

In gesprek met mnr. de Vries blyk dit dat die Gideons van SA die 1983-uitgawe van Bybel in Afrikaans versprei (veral in skole, regeringsbeleid) sowel die 1953 vertaling. Lg. op aanvraag.

3.9.2 Die Gideons Internasionaal versprei slegs die KING JAMES en NIV vertalings. Die KING JAMES-vertaling is sonder kopiereg. Die ander moderne Engelse vertalings is eerder transkripsies, verduidelikings, of parafraserings van die Bybel as vertalings. In sommige vertalings word die woord "bloed" vervang met "offer" of "dood". Dit kom neer op 'n ontkenning of onderbektoneering van die bloed van Jesus as die enigste kwytskelding vir sonde.

4. AANBEVELING

Die volgende konsepbeskrywingspunt word aan SKK voorgelê vir oorweging om as beskrywingspunt voor die Sinode 1991 te dien:

4.1 Die Sinode neem kennis dat:

4.1.1 Die Gideons se primêre doel die verkondiging van die Evangelie deur die verspreiding van Bybels is, veral waar die kerk as institusie dikwels nie toegang het nie.

4.1.2 Die Gideons interkerklik is.

4.1.3 Die Gideons nie met sektes, Rooms Katolieke en ander dergelike groepe geassosieer wil word nie.

4.1.4 Die Gideons van SA die 83 Uitgawe van die Bybel sowel as die 53 vertaling van die Bybel versprei. Lg. slegs op aanvraag. Die Gideons Internasionaal versprei slegs die King James-vertaling en die NIV.

4.1.5 Die Gideons nie 'n addisionele Bybelgenootskap is nie maar dat dit 'n vereniging is wat aktief Bybels versprei.

4.2 Die Sinode beveel aan dat:

4.2.1 Kerkrade in die lig van die feite en in ooreenstemming met die Kerkorde sal optree indien hulle deur lede van die Gideons genader word en dat gemeentes deur hulle eie lidmate toegesprek sal word, sodat hulle steeds onder opsig van die kerkraad optree.

4.2.2 Kerkrade lidmate daarop sal wys dat indien bydraes gemaak word vir die doel van Bybelverspreiding dit gespesifiseer kan word dat sodanige bydraes slegs aangewend kan word vir die 53-Vertaling van die Bybel.

4.2.3 Kerkrade lidmate sal wys op die feit dat die 53-Vertaling van die Bybel as amptelike vertaling gebruik moet word.

DS. MP TAUTE

OULD. AG BURGER

1 Junie 1991

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

VYFDE SINODE 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

VERSLAG : AD HOC-KOMMISSIE BESTAANDE UIT LEDE VAN DIE KKS, KKEN, SKK EN DIE VROUEAKSIE

1. VIR KENNISNAME

1.1 Personeel

Dr CI van Heerden, di NJ Rautenbach, IA Brink, MP Taute, PR Jonker, JJ Venter, JA du Plessis, oudl PR Pretorius, oudl MJ Cornelius, mev E Scheuer, mev W Claassen, mev AH Boshoff, mev AM van Heerden en mev EH Viljoen.

1.2 Vergaderings

Die Kommissie het vergader op 27 Junie 1991 en op 30 Julie 1991.

1.3 Opdrag

Die besluit van die 4de Sinode in verband met die Vroueaksie word aangehaal.

"Die Sinode neem kennis van 4.1 tot 4.7 van Addendumverslag van die KKS en keur die volgende goed:

4.8 van KKS se addendumverslag met verwysing dat dit verwys word na Ad hoc-kommissie bestaande uit afvaardiging van PKKEN, SKK EN KKS:

Dat die presiese inkleding van hoe die susters voortaan landswyd gekoördineerd mag optree, verwys word na die KKS wat met die AK van die Vroueaksie samespreking sal voer met gebruikmaking van beginsels (ook deur die vorige KKS) na vore kom. Rapport moet daarvan op die volgende Sinode gelewer word.

1.4 Werkswyses

1.4.1 Al die tersaaklike verslae is deur die Kommissie hanteer.

1.4.2 Na bespreking is besluit dat lede van die Kommissie 'n minderheidsverslag sal indien. (Bylae VA .B)

2. AANBEVELINGS

2.1 Die Sinode neem Bylae VA. A in behandeling as 'n voorstel oor hoe die vroue landswyd gekoördineerd kan optree.

2.2 Die Sinode neem Bylae VA .B in behandeling as 'n voorstel oor hoe die vroue landswyd gekoördineerd kan optree.

2.3. Die Sinode besluit oor 'n kommissie waaronder die Vroueaksie kan ressorteer.

2.4. Die Sinode dra dit aan die TKKS op om die lasgewing van die genoemde kommissie aan te vul om voorsiening te maak vir die Vroueaksie.

3. SLOT

Hiermee hoop die Kommissie dat hy sy opdrag uitgevoer het.

DS IA BRINK (*Voorsitter*)


DS MP TAUTE (*Skriba*)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

VERSLAG : AD HOC-KOMMISSIE BESTAANDE UIT LEDE VAN DIE KKS, KKEN, SKK EN DIE VROUEAKSIE

1. SKEMATIESE VOORSTELLING



2. BESKRYWING

2.1 Naam:

APK-Vroueaksie.

2.1.1 Deelname:

Enige vrouelidmaat van 'n APK kan vrywilliglik inskakel.

2.2 Sinode

2.2.1 APK Vroueaksie staan onder toesig en gesag van die Sinode.

2.2.2 Lewer verslag by elke Sinode oor werksaamhede (na kommissieverslag).

2.2.3 Die Sinode is nie finansiëel verantwoordelik en aanspreeklik vir die finansiële verpligtinge van die APK Vroueaksie nie.

2.3 Kommissie van Sinode en Subkomitee

2.3.1 Die Vroueaksie ressorteer onder 'n kommissie van die Sinode. Verteenwoordigsters van die Vroueaksie vorm saam met die lede van die genoemde kommissie 'n subkomitee vir vrouesake en tree volgens lasgewing op.

2.3.2 Afgevaardigdes van genoemde kommissie woon Vroueaksie kongres by.

2.3.3 Susters word deur die kongres aangewys om op die subkomitee te dien.

2.3.4 Voorsitsters van Vroueaksiekomitees kan deur hierdie kommissie van die Sinode byeengeroep word.

2.3.5 Stel die agenda van die kongres op.

2.4 Kongres

2.4.1 Word volgens behoefte gehou.

2.4.2 Die datum en plek van die volgende kongres kan by die kongres bepaal word.

2.4.3 Uitnodigings word aan alle gemeentes gerig.

2.4.4 Twee afgevaardigdes van elke plaaslike Vroueaksie is stemgeregtig.

2.4.5 Die kongres kies sy eie voorsitster en sekretaresse.

2.4.6 Kongres finaliseer sakelys.

2.4.7 Kongres identifiseer bepaalde behoeftes, take en verwys dit na komitees.

2.5 Komitees

Die volgende komitees word voorgestel:

Kongres: Reëlingskomitee; Biddag vir vroue; Publikasiekomitee; Administrasiekomitee; Argiefkomitee en Finansiële Komitee. (Verseker groter deelname en betrokkenheid van verskillende vrouelidmate).

2.5.1 Algemene riglyne

2.5.1.1 By konferensie word kernkomitee vir elke komitee verkies.

2.5.1.2 Komitees mag hoogstens twee lede koöpteer.

2.5.1.3 Kernkomitee konstitueer tydens konferensie en stel program op.

2.5.1.4 Elke komitee vergader minstens twee keer per jaar en is verantwoordelik vir eie administrasie byvoorbeeld tikwerk, drukwerk en notules.

2.5.1.5 Lewer skriftelike verslag, met aanbevelings, by die volgende kongres.

2.5.1.6 Finansiële bevoegdheid: Begroting moet deur die kongres goedgekeur word. Surplusfondse is nie binne komiteeverband na 'n volgende jaar oordraagbaar nie.

2.5.1.7 Bring afskrifte van alle notules van vergaderings saam na kongres vir Argiefkomitee.

2.6 Kongres-Reëlingskomitee

2.6.1 Lasgewing

2.6.1.1 Bestaan uit 4 lede waarvan 1 lid verteenwoordigend is van die subkomitee van die sinodekommissie en 1 lid van die Finansiële Komitee.

2.6.1.2 Verantwoordelik vir alle reëlings met betrekking tot die kongres soos:

Plek
Kostes
Sentrum - insluitend luidsprekers, stoele
tafels tafeldoeke tru-projektor en blomme en
klavier ens.
Huisvesting - alle reëlins - terugvoer van
huisvesting
Etes
Drukgeriewe vir notules ens.

2.7 Biddag vir Vroue

2.7.1 Bestaan uit 2 lede.

2.7.2 Verantwoordelik vir opstel en inhoud
van program.

2.7.3 Lê inhoudelike voor aan die
subkomitee vir teologiese korrektheid.

2.7.4 Dra sorg dat volledige bladuitleg en
drukwerk/duplisering gedoen word.

2.7.5 publiseer inligting oor Biddag in
Boodskapper (datum, waarvoor donasies
gaan, ens).

2.7.6 Stuur program aan alle gemeentes 5
weke voor die eerste Vrydag in Maart.

2.7.7 Lê begroting aan die Finansiële
Komitee voor, 6 weke voor die kongres.

2.8 Publikasie: Boodskapper; Bybelstudie; Leesstof; Aktueel

2.8.1 Komitee bestaan uit vier lede.

2.8.2 Behoeftes van die Vroueaksies moet
bepaal word vir die Nuusbrief.

2.8.3 Die Boodskapper:

2.8.3.1 Beplan aantal, aard en inhoud van
artikels.

2.8.3.2 Wys 4 persone aan vir Die
Boodskapperredaksie.

2.8.3.3 Kontroleer dat artikels betyds
ontvang en ingehandig word.

2.8.3.4 Verantwoordelik vir volle bladuitleg
van nuusbrief en persgereedmaking.

2.8.3.5 Reël met iemand uit die streek vir
plaaslike nuus.

2.8.3.6 Lê kopie voor aan Die

Boodskapperredaksie vir goedkeuring.

2.8.4 Bybelstudie

2.8.4.1 APK Predikante nader met betrekking
tot die skryf of goedkeuring van
Bybelstudiestukke.

2.8.4.2 Onderzoek moontlikheid van
Bybelstudie video opnames.

2.8.4.3 Maak bekend in Die Boodskapper of
maak beskikbaar by konferensie.

2.8.5 Inligtingstukke oor aktuele onderwerpe
verkry, beskikbaarstel aan gemeentes deur
Die Boodskapper.

2.8.6 Laat leesstof vir vroue resenseer.

2.8.7 Lê die begroting aan die Finansiële
Komitee voor, ses weke voor die kongres.

2.9 Administrasie

2.9.1 Bestaan uit 2 lede.

2.9.2 Lede moet verkieslik naby Pretoria
woon.

2.9.3 Adreslyste moet op datum gehou,
maandeliks hersien word en aan komitees
beskikbaar gestel word op aanvraag.

2.9.4 Plaas adreslys van komitee voorsitsters
in Die Boodskapper direk na afloop van
kongres.

2.9.5 Verantwoordelik vir afronding,
vermenigvuldiging en uitstuur van
kongresnotules.

2.9.6 Nuwe gemeentes

2.9.6.1 Skakel gereeld met kerkkantoor vir
name van nuwe gemeentes.

2.9.6.2 Stuur nodige inligtingstukke rakende
Vroueaksie aan nuwe gemeentes.

2.9.6.3 Lê begroting aan FK voor, ses weke
voor kongres.

2.10 Argief

2.10.1 Bestaan uit 2 lede.

2.10.2 Verantwoordelik vir bêre van materiaal
rakende Vroueaksie sake bv. notules, foto's,

videomateriaal, programme, publikasies in samewerking met die Argiefkomitee.

2.10.3 Reël uitstalling by konferensie.

2.10.4 Lê begroting aan FK voor ses weke voor kongres.

2.11 Finansies

2.11.1 Samestelling

Bestaan uit 3 lede (Verkiepik Pretoria omgewing).

2.11.2 Kaartjiebestelling onder leiding van die Publikasiekomitee.

Ontvang bestellings per telefoon, per pos of vanaf die Sentrale Kerkkantoor. Gelde word na die kerkkantoor gestuur saam met die bestellings en die kwitansie word deur die kerkkantoor uitgeskryf en oorhandig om uit te stuur saam met die kaartjies. Hou boek van die bedrae, kwitansies en bestellings.

2.11.3 Kleinkas

Hou 'n kleinkas aan vir posgeld, koeverte ens. vir Vroueaksie komitees. Die kleinkas word aangevul soos nodig.

2.11.4 Verslae

Vra die nodige finansiële verslag van ontvangste en betalings by die finansiële afdeling van die Sentrale Kerkkantoor aan voor die konferensie. Stel self 'n volledige finansiële verslag op met die inligting van die Sentrale Kerkkantoor as handleiding. Lê dit aan die konferensie voor met aanbevelings.

2.11.5 Kwitansies en pienk vorms

Ontvang pienk vorms en kwitansies van die Sentrale Kerkkantoor. Liaseer pienk vorms, teken bedrae aan in die kasboek en stuur die kwitansies en bestellings indien van toepassing aan.

Die pienk vorms vir die jaar (6 vir elke gemeente) word aan die begin van die jaar aan elke gemeente gestuur, met begeleidende brief.

2.11.6 Boekhouding

Hou 'n kasboek aan. Doen inskrywings

volgens inligting van die Sentrale Kerkkantoor ontvang en kontroleer van tyd tot tyd by die Sentrale Kerkkantoor.

2.11.7 Koste eise

Sorg dat die nodige vorms beskikbaar is, dat dit ingevul, goedgekeur en geteken word en ingehandig word vir uitbetaling. Die voorsitster van die betrokke komitee en voorsitster en/of 'n lid van die Finansiële Komitee kan eise teken.

2.11.8 Konferensie-opdragte

Dra opdragte van die konferensie skriftelik aan die Sentrale Kerkkantoor oor vir uitbetalings en/of inskrywings.

2.11.9 Begroting hanteer

Begrotings van elke komitee moet eers by die Finansiële Komitee ingedien word by die kongres ses weke voor die kongres. Die Finansiële Komitee lê dit vir goedkeuring voor aan die kongres.

2.11.10 Finansiële hulp

Hanteer aanvrage vir finansiële hulp van gemeentelike Vroueaksies vir kongres. Aansoeke moet skriftelik ingedien word ses weke voor die kongres.

2.11.11 Fondsinsameling

Die reëling word gehandhaaf naamlik dat vroue op vrywillige basis 'n jaarlikse bydrae gee wat by die kongres bepaal word. Dit word op die pienk vorm ingevul en aan die kerkkantoor gestuur.

2.11.12 Surplusfondse

2.11.12.1 Finansiële komitee maak 'n aanbeveling oor die besteding van surplusfondse aan kongres. Die kongres besluit daaroor.

2.11.12.2 Surplusfondse van komitees aan die einde van die finansiële jaar bly in die sentrale kas.

2.11.13 Die verblyfkostes van voorsitsters van komitees sowel as die subkomiteelede vir kongresdoeleindes word uit die sentrale kas betaal.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

VYFDE SINODE 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

MINDERHEIDSVERSLAG : AD HOC-KOMMISSIE INSAKE VROUE-AKSIE

1. OPDRAG

1.1 "Dat die presiese inkleding van hoe die susters voortaan *landwyd gekoördineerd* mag optree, verwys word na 'n Ad hoc-kommissie (bestaande uit afvaardigings van die PKKEN, SKK en KKS) wat met die Algemene Komitee van die Vroueaksie samespreking sal voer met gebruikmaking van beginsels wat in die twee beskrywingspunte met motivering (ook deur die vorige KKS) na vore kom. Rapport moet daarvan op die volgende Sinode gelewer word" (Acta 1990, bl. 587).

1.2 Die volgende *mosie van dr WA Burger* word ook na die Ad hoc-kommissie verwys:

"Die Sinode besluit:

1. Dat dit elke gemeente (kerk) vrystaan om 'n 'vroueaksie' te organiseer binne gemeentegrense.
2. Dat daar 'n plaaslike bestuur uit die geledere van die susters gekies mag word. Dit moet kerklik goedgekeur word.
3. Dat daar nie 'n streeks- of hoofbestuur sal wees nie, maar wel 'n skakelkomitee wat skakelwerk doen tussen gemeentes ter wille van kontinuering.
4. Dat daar wel 'n konferensie of kongres gereël kan word waar gemeenskaplike take en probleme bespreek kan word en waar vir daardie geleentheid 'n bestuur gekies kan word wat ná die kongres of konferensie ophou om te fungeer. Daarna sal die skakelkomitee tussentydse diens lewer.
5. Gemeentes kan beurtelings ander gemeentes na so 'n kongres of konferensie uitnooi.

6. 'n Lasgewing (reglement) goedgekeur en getoets deur die plaaslike kerkraad, kan ter wille van goeie orde opgestel word.

7. Alle fondse moet by die plaaslike kerkraad inbetaal word en deur hulle hanteer word as fondse vir die gebruik van sodanige 'aksie'.

8. Alle eiendomme behoort aan die kerkraad.

9. So 'n 'aksie' fungeer onder die volle opsig van die kerkraad wat 'n wakende oog moet hou oor die suiwerheid van leer om so 'n Bybelsverantwoorde praktyk te verseker.

10. Verslag moet gereeld voor elke kerkraadsvergadering aan die kerkraad gelewer word.

11. Die naam van die 'aksie' kan aan die geregistreerde naam van die APK gekoppel word bv. 'Vroueaksie' of 'Hulpdiens' of 'Aksiefront', APK Putsonderwater.

12. Daar mag nie 'n geslote register wees nie. Dit moet oop wees vir alle lidmate.

Motivering

1. Die amp van die gelowige fungeer altyd naas en gelyk aan die besondere amp in die gemeente.
2. Die amp van die gelowige moet geaktiveer word of geheraktiveer word (indien nodig) om die kerkraad by te staan en te ondersteun.
3. Die kerkraad kan net nie alles op sy skouers neem nie. Daar moet taakverdeling wees en klem moet gelê word op die vrye inisiatief en mondigheid van gelowiges.
4. Daar is ook so iets soos vryheid in eie bevoegdheid bv. die kerk is kerk en hy alleen kan kerklik optree. Dit is ook waar van die

amp van die gelowige. Daarom, wat die susters betref, daar is dinge waaroor hulle alleen kan praat en wat hulle alleen kan doen. Ook hulle het 'n taak en 'n vryheid wat hulle nie ontnem mag word nie.

5. Ons moet in ons gemeentes ruimte skep vir die vryheid en roeping van lidmate tot selfstandige, Christelike en kerklike inisiatief en wel in volle samewerking met die besondere ampte en kerklike besture.

6. Ons mag nie verval in die gewoonte om so te onderskei tussen die besondere amp en die amp van die gelowige dat die amp van die gelowige op die agtergrond geskuif word nie. Daar is tog so iets soos algemene naasteliefde, broederliefde, vermaning, vertroosting, hulpverlening, ens. wat binne die kerk as instituut beoefen moet word.

Dit is hier waar taakverdeling moet plaasvind. Die gewone lidmaat georganiseer in 'n 'aksie' binne die kerkinstituut, kan net soveel vir die koninkryk van God doen of beteken as 'n begeesterde kerkraad".

(Ds WA Burger; Oudl CJ van Helsdingen)

2. VIR KENNISNAME

2.1 Motivering vir die Minderheidsverslag

Die ondertekenaars van die Ad hoc-kommissie se minderheidsverslag het die volgende problematiek ervaar:

2.1.1 Die "Konsepvoorstel vir die nuwe struktuur van die APK Vroueaksie", soos voorgelê deur die Vroueaksie se Algemene Komitee (wat sterk verteenwoordig was ten tye van die vergadering) en wat die basis vorm vir die meerderheidsverslag, hou glad nie rekening met die sinodebesluit dat gebruik gemaak moet word van "*beginsels* wat in die twee beskrywingspunte met motivering (ook deur die vorige KKS) na vore kom" nie.

2.1.2 Die meerderheidsverslag gaan *foutiewelik* uit van die voorveronderstelling dat die Sinode reeds aan 'n struktuur vir die Vroueaksie beslag gegee het en dat die Ad hoc-kommissie net maar die *inkleding* daarvan moes uitwerk, sonder inagneming van die *beginsels* wat in paragraaf 1 hierbo vermeld is. Dit is 'n ongelukkige misverstand.

2.1.3 Die *interpretasie* van die woorde: "die presiese inkleding van hoe die susters voortaan landwyd gekoördineerd mag optree ... met gebruikmaking van beginsels wat in die twee beskrywingspunte ... na vore kom", het die ondertekenaars van die minderheidsverslag (wat rings- en landwyse konferensies bepleit, soos deur vorige sinodes goedgekeur) onder druk geplaas om hulle te distansieer van die meerderheidsverslag wat 'n struktuur aan't skep is wat heeltemal met die Kerkorde in botsing is.

2.1.4 Ná die ontmoeting tussen die KKS en die Vroueaksie se Algemene Komitee op 9 Augustus verlede jaar, het die KKS in sy addendumverslag aan die 1990-Sinode gerapporteer:

"Daar bestaan op hierdie stadium egter *nie eenstemmigheid* oor die *struktuur van die Vroueaksie* *nie* en gevolglik is daar wedersydse behoefte vir verdere gespreksvoering" (bl. 244a, punt 2.3). Hierdie gespreksvoering is eers in 1991 voortgesit. Indien die meerderheidsverslag dus te kenne gee dat die Ad hoc-kommissie net opdrag gehad het om die Sinode te adviseer oor die presiese inkleding van *HOE die susters voortaan landwyd gekoördineerd MAG optree*, word die *saak* waarom dit gaan nie deur so 'n houding gedien nie. Bowendien is dr Burger se mosie óók na die kommissie verwys - en daardie mosie betrek sowel oorkoepelende as plaaslike aktiwiteite en strukture van APK-susters.

2.2 Bestaande beginselbesluite van APK-sinodes

Sinodes van die APK het reeds, *onder andere*, die volgende beginselbesluite geneem wat direk of indirek op die APK-Vroueaksie van toepassing is (of behoort te wees):

2.2.1 "Die Sinode wys daarop dat *lidmaatskap 'n saak van die plaaslike kerk is*. Plaaslike kerke moet met die aangeleentheid erns maak. Die ring (van Nelspruit) word verwys na artikels 3, 4 en 5 van die Kerkorde. Kyk ook Bylae 2 in die Kerkorde". (Acta 1990, bl. 635, punt 35.2).

2.2.2 "Die *kerkraad* moet lidmate van die gemeente *toerus, aktiveer en organiseer* om diensbaar te wees ten opsigte van die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die

liggaam van Christus en die uitbreiding van die koninkryk van God. Sodanige diens moet egter altyd geskied met *verantwoording aan die kerkraad* (Kerkorde 1990, art. 49.1 en 49.2).

2.2.3 "Christus, die Hoof van sy kerk, het vir die *dienswerk* in sy kerk die volgende *besondere ampte* ingestel, nl. dié van bedienaar van die Woord, dié van ouderling en dié van diaken. Hierdie drie ampte is gelykwaardig maar word in opdrag onderskei ..." - soos uiteengesit in art. 15, 21 en 22. (Kerkorde 1990, art. 7)

2.3 Blote "kennisname" van grondliggende beginsels

Die 1990-Sinode het van die volgende prinsipiële *aanbevelings* van die KKS net "kennis geneem" (nie afkeurend óf goedkeurend nie, wat 'n groot jammerte is!), waarin die *beginselfegundeerde standpunt* van die KKS (gebaseer op Skrif, belydenis en Kerkorde) in 'n neutredop weergegee word - en wat dus deel vorm van die gedokumenteerde beredenering wat deur die Sinode na die Ad hoc-kommissie verwys is (dog nie in behandeling geneem is nie): (Acta 1990, bl. 587, punt 105)

"4. AANBEVELING VAN DIE KKS (1990)

Die Sinode besluit

4.1 dat aangesien *kerklike lidmaatskap* in beginsel volgens die Skrif (Ef. 4, 1 Kor. 12, Rom. 12), die Belydenisskrifte (NGB arts. 30 en 32, H. Kat. vrae en antwoorde 55, 104, en 124), die beginsel van die Gereformeerde Kerkreg en art. 3, bepalings 3.1 tot 3.9, arts. 4, 5, 10, 22.1, 22.3 e.a. van die Kerkorde 1989 *net aan 'n plaaslike kerk (gemeente)* verbind is en *nie aan die kerkverband nie*;

4.2 dat derhalwe 'n *belydende lidmaat nêr regte, voorregte en bevoegdhede tot optrede in sy plaaslike kerk* het ooreenkomstig die artikels en bepalings van die Kerkorde en onderworpe aan die opsig van die kerkraad - dit geld ook vir die *besondere ampte* van ouderling, diaken en bedienaar van die Woord, vgl. arts. 15, 20, 21, 22 e.a.

4.3 dat dit *die taak van die kerkraad* is om volgens Ef. 4:11-16, Hand. 20:28, 1 Tim. 3:5, Kerkorde arts. 14, 20, 21, 44, 48 *al die belydende lidmate (en dooplidmate) te*

versorg, toe te rus, te aktiveer en te organiseer om diensbaar te wees ten opsigte van die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus in die plaaslike kerk (gemeente);

4.4 dat *elke kerkraad* ter uitvoering van sy taak, soos onder punt 3 gestel, volgens eie besluit in samewerking met en met konsiderasie van plaaslike vermoëns en behoeftes, *al die lidmate gesamentlik of in groepe vir dienswerk organiseer*;

4.5 dat *groepe belydende lidmate nie die bevoegdheid het om, vry van die opsig van die kerkraad, met miskenning en oorskryding van gemeentelike grense in stryd met hulle lidmaatsregte, - voorregte en - bevoegdhede, te organiseer nie*;

4.6 dat *groepe belydende lidmate*, hetsy broeders, susters en jongmense apart of as lidmaatsgroepe volgens geïdentifiseerde behoeftes kragtens die sinodale besluit van 1988 *konferensies kan hou* in medewerking met 'n plaaslike kerkraad as gasheer *deur middel van konferensie-komitees, en nie deur middel van permanente strukture nie*;

4.7 dat sodanige *konferensies ten doel moet hê om* dusdanige betrokke groepe *lidmate vir hulle plaaslike dienswerk* deur kruisbestuiwing van gedagtes, werksmetodes ens. *te stimuleer en te besiel*".

2.4 Blote "kennisname" van ontstaan en bestaan van Vroueaksie

"Die Sinode *neem kennis* dat die APK-Vroueaksie spontaan ontstaan het en 'n vrywillige organisasie van susters is, wat jaarliks 'n konferensie kan hou ..." (Acta 1988). Oor die *bestaansreg* van "die APK-Vroueaksie", veral wat betref die oorkoepelende struktuur soos beliggaam in die Algemene Komitee, het die Sinode hom egter nog nie *prinsipiël verantwoord* nie.

2.5 Sinodale besluit oor landwyd gekoördineerde optrede:

"... wat jaarliks 'n *konferensie kan hou* vir susters wat daarby *wil inskakel*. Koste moet deur die konferensiegangers gedelg word. 'n Komitee *kan aangewys word met opdrag om net die volgende konferensie te reël*". (Acta 1988)

3. VIR GOEDKEURING

Die Sinode besluit:

3.1 dat susters voortaan landwyd gekoördineerd soos volg mag optree:

3.1.1 Susters van AP kerke landwyd mag van tyd tot tyd binne 'n ringsgebied, of op nasionale vlak, in konferensie byeenkom.

3.1.2 'n Plaaslike kerkraad kan dit reël en alle susterslidmate van alle gemeentes via Die Boodskapper volledig daarvoor inlig en hulle uitnooi.

3.1.3 Onder leiding van dié plaaslike kerkraad kan die konferensiegangers vir daárdie samekoms 'n voorsitter kies (wat die ordereëlins moet hanteer), asook 'n sekretaresse.

3.1.4 Tydens die konferensie kan in breë trekke vir 'n volgende konferensie beplan word (plek, tema, sprekers, verdere program-items, ens.) en 'n spesifieke gemeente kan voorlopig versoek word om as gasheer op te tree.

3.1.5 'n Konferensie kan egter

- **geen bindende besluite neem nie**
- **geen komitees benoem nie**
- **geen aksies van stapel stuur nie**
- **geen publikasies laat verskyn nie**
- **geen fondsinsamelingsprojekte loods nie**

omdat die bedoeling en behoefte is dat daar net maar *gekonfereer* word. Agterna kan 'n oorsig, opgestel deur (bv.) die voorsitter en/of sekretaresse, oor die konferensie in "Die Boodskapper" verskyn, sodat lidmate van alle gemeentes, veral belanghebbendes, volledig oor die verloop daarvan ingelig kan word.

3.1.6 Nadat die konferensie afgeloop en sy doel gedien het, funksioneer daar geen tussentydse óf permanente Algemene Komitee of skakelkomitee nie.

3.1.7 Sodanige konferensie moet net een doel hê: om die betrokke susters deur kruisbestuiwing van gedagtes, werksmetodes, ens., vir die dienswerk in hulle plaaslike gemeentes te stimuleer en toe te rus, waar die susters in hulpdiens

aan hul eie plaaslike kerkraad hulle ten volle kan uitleef in die groot variasie van take wat deur hulle kerkraad aan hulle opgedra of deur die susters geïnisieer word (ná goedkeuring deur die kerkraad).

3.2 Dat susters se plaaslike aktiwiteite binne hulle eie gemeentes, prinsipieel en prakties, vir bestudering en advies-aan-kerkrade verwys word na 'n Ad hoc-kommissie bestaande uit dr WA Burger, ds IA Brink, ds AS van Jaarsveld, ds JA du Plessis, dr CI van Heerden en ds JJ Venter, wat aan die volgende Sinode verslag moet doen. Hierdie kommissie moet ook aandag gee aan daardie gedeeltes van dr WA Burger se mosie wat verdere aandag benodig.

3.3 Dat die KKS se prinsipieel-gefundeerde aanbevelings van 1990, soos aangehaal onder punt 2.3 hierbo, die amptelike standpunt van die Sinode word.

4. MOTIVERING

4.1 Beginsel-gefundeerde besluite

In die AP kerkverband hou ons ons gebonde aan die Heilige Skrif, die besondere belydenisskrifte (Drie Formuliere van Eenheid) en ons Kerkorde. Daardeur is ons in staat om *beginsel-gefundeerde besluite* te neem en suiwer op koers te bly te midde van talle pragmaties-gefundeerde standpunte.

4.2 Duidelike riglyne

In 'n neutedop saamgevat, is die duidelike riglyne wat Skrif, belydenis en Kerkorde ons bied, die volgende:

4.2.1 Die Heilige Skrifte (soos vertolk in "Bybel met Verklarende Aantekeninge").

4.2.1.1 1 Kor. 12

Geestesgawes is aan gemeentelêde toebedeel:

- sodat die geheel soos één liggaam kan funksioneer;
- sodat die *gemeente* opgebou kan word;
- sodat die *gebruik* van die gawes vir die *hele gemeente* tot stigting geskied.

Elke gemeente (= kerk) is 'n *selfstandige*

openbaring van die *liggaam* van Christus.

God bepaal jou genadegawes, asook jou amp.

Elke lid moet strewe na daárdie gawes wat tot hoogste nut *vir die gemeente* is!

4.2.1.2 Efes. 4:11-16

Christus is die Hoof - uit Wie die *hele liggaam* ... die groei van die *liggaam* bevorder vir sy *eie opbouing* in liefde. Dáártoe moet die gelowiges *toegerus word - deur die ampte* wat die Here gegee het.

4.2.1.3 Rom. 12

Verskillende werkinge van *elke lid* van die liggaam - daarom word *elkeen* se werking benodig (dit wil sê *almal* is nodig). Een liggaam, maar afsonderlike *lede*.

4.2.1.4 1 Tim. 5:9, 10

Weduwees bo 60 jaar is in die gemeente gebruik vir arbeid op *vroulike* terrein, bv. bepaalde werk onder vroue, siekes en behoeftiges.

4.2.2 Belydenisskrifte

4.2.2.1 NGB, art. 30

Deur die *kerkraad*-as-middel sal alles in die kerk (gemeente) behoorlik en ordelik uitgevoer word. (Dit wil sê slegs die *kerkraad* reël en bestuur die gemeentelike sake.)

4.2.2.2 NGB, art. 32

Die *kerkraad* moet by *Christus* se instellinge bly - en waak teen *menslike* vindings en wette. *Eendrag* en *eenheid* moet bewaar en bevorder word.

4.2.2.3 H. Kat. Son. 21

Gemeenskap van die heiliges ... (almal saam en *elkeen* afsonderlik). Geen ruimte vir *groepe* (in gemeentes óf kerkverband) nie.

4.2.3 Kerkorde

LW Kyk art. 7 en veral art. 49.1 en 49.2, soos reeds aangehaal, wat deurslaggewend is. Die inhoud is van baie groot betekenis betreffende hierdie saak.

4.3 Die gemeente, as liggaam van Christus, moet in sy groei toegespits wees op sy *eie* opbouing in liefde, nie toegespits op medegelowiges van naburige/landswye AP kerke nie (Efes. 4).

4.4 Dinge wat nie in die Skrif voorgeskryf is of uit die Skrif *afgelei* kan word nie, moet as "*menslike vindings*" beskou en gelaat word, veral wanneer dit die eendrag en eenheid in die gemeente of die kerkverband bedreig (vgl. NGB, art. 32).

4.5 In die kerk as instituut geld net die drie besondere ampte wat deur Christus ingestel is. Die "*amp van gelowige*" word nie in die Bybel of die Kerkorde vermeld of uiteengesit nie en is *hoegenaamd* nie op een lyn met die besondere ampte nie. Die "*amp van gelowige*" spruit voort uit 'n gelowige se *Christenskap* - omdat hy *deur die geloof* 'n lid van Christus is en daardeur deel het aan sy *salwing* in die ampte van profeet, priester en koning - "sodat ek sy Naam kan bely, myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy, met 'n vrye en goeie gewete in hierdie lewe teen die sonde en die duivel kan stry, om hierna in ewigheid saam met Hom oor alle skepsele te regeer" (H. Kat., Son. 12).

In die "*amp van gelowige*" gaan dit vir die *lidmaat* om die aktivering van daardie gawes (wat hy ontvang het) wat vir die *gemeente* tot hoogste nut is.

By die *besondere ampte* (diakens uitgesluit) gaan dit egter nie net om die plaaslike *eie* kerk nie, want hoewel die plaaslike kerk volledig openbaring van die liggaam van Christus is, is dit nie die enigste *sodanige* volledige openbaring nie. Daarom is alle AP kerke landwyd op mekaar aangewys: om in kerkregering en kerkbeleid die wil van God na te speur, toe te pas en te handhaaf. Om dit te kan doen, word "*strukture*" geskep: ringe en sinodes, wat beperkte, vasgestelde "*oorkoepelende*" funksies verrig, en met die oog op effektiwiteit gebruik maak van allerlei kommissies en funksionariese.

4.6 Volgens die beginsels van Skrif, belydenis en Kerkorde kan en mag daar geen sprake wees van enige "*Vroueaksie-strukture*" nie, veral in oorkoepelende sin en soos dit gestalte vind in die Algemene Komitee-met-sy-werksaamhede. Susters werk *nét* in hulle *plaaslike gemeentes* - in die sg. "*amp van die gelowige*" - en dan ook net soos deur die *kerkraad* gereël. Want 'n lidmaat is *nét* lid van daardie één liggaam van

Christus, die plaaslike gemeente waartoe hy/sy behoort, en *nie* van 'n (onsigbare) kerkverband *nie*.

Die *universele* kerk van Christus, ook enige kerkverband, is *nie 'n vereniging* wat uit 'n klomp *takke bestaan* waarvoor daar sowel *plaaslike* as *oorkoepelende* organisasie nodig is *nie*. Elke gemeente is, volgens die presbiteriale kerkregeringstelsel, 'n heeltemal selfstandige openbaring van die liggaam van Christus, d.w.s. volledig *kerk*, en net die kerkraad (*nie eers die Sinode nie*) het regeermag oor en volle seggenskap in daardie kerk (gemeente). 'n Lidmaat is *net* lidmaat in sy gemeente (vgl. ook KO 1990 arts. 4 en 5) en mag dus net binne daardie gemeente funksioneer en *nie* oorkoepelend oor alle gemeentegrense heen, soos wat die Algemene Komitee wil doen *nie*. Volgens die Presbiteriale stelsel van kerkregering kan net meerdere vergaderings op beperkte, vasgestelde wyses oorkoepelend funksioneer.

4.7 Volgens art. 49.2 van ons Kerkorde moet daar van alle dienswerk in die gemeente aan die kerkraad verantwoording gedoen word. Die Algemene Komitee bestaan uit susters van verskeie gemeentes. Aan watter kerkraad gaan die Algemene Komitee verantwoording doen?

4.8 Op grond van die riglyne in Skrif, belydenis en Kerkorde mag 'n APK-suster *nie* in die kerk-as-instituut by strukture of oorkoepelende organisasies/verenigings betrokke raak *nie*. Gevolglik is bg. vorm van *konferensiebywoning* die *enigste toelaatbare en aanvaarbare vorm van deelname* aan 'n landwyd gekoördineerde optrede van susters van die AP kerke.

5. SLOT

Met die geloof en vertroue dat hierdie minderheidsverslag die waarheid dien en die beginsels van die Skrif, die belydenisskrifte en die Kerkorde suiwer vertolk - en daarom die Sinode se heelhartige ondersteuning sal geniet - word die vergadering wyse insig en die verliggende werking van God die Heilige Gees toegebid, tot sy eer en tot heil van die AP kerkverband.

Hoogagtend u broeders in Christus

(w.g.) JA DU PLESSIS (VDM)
PR PRETORIUS (OUDL)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

SINODE: 16 - 21 SEPTEMBER 1991

AANVULLENDE VERSLAG : KOMMISSIE VIR FINANSIES

1. REDE VIR AANVULLENDE VERSLAG

Soos in die verslag van die FK gemeld, was sekere gegewens nie beskikbaar by die opstel van die verslag nie. Dié sake word hiermee aan die sinode voorgelê.

2. FINANSIËLE STATE VAN 1 JANUARIE TOT 31 DESEMBER 1990

(B.1.6 van Verslag, bl. 194 Sakelys)

Volgens besluit van die Sinode 1990 word die volgende opsommende verslag aan die sinode voorgelê.

2.1 Inkomste en uitgawe

2.1.1 Die inkomste het in 1990 R2 337 595 bedra (teenoor R1 614 285 in 1989) waarvan R2 140 456 gemeentebydraes was.

2.1.2 Die uitgawes het R1 218 852 bedra (teenoor R971 007 in 1989). Die begroting van uitgawes vir 1990 is gestel op R1 350 000.

2.1.3 Dit beteken dat 1990 'n surplus van R1 118 743 gelewer het (teenoor R643 278 in 1989). Dit is dus duidelik dat die oorskot moontlik gemaak is deur verhoogde inkomste.

2.1.4 Die R147 358 wat aan kommissiewerk bestee is, is soos volg opgemaak: (Sien tabel onder aan bladsy.)

	WERKLIK	BEGROTING	SURPLUS OF TEKORT
Argief	112	7 400	7 288
Barmhartigheidsdiens	3 752	3 500	(252)
Bestuur v/d Raad vir Kerkadministrasie	25 288	35 500	10 2 12
Bybelvertaling	8 314	5 100	(3 2 14)
Finansies	5 037	6 000	963
Getuienis en dissipelskap	2 145	4 500	2 3 55
Formuliere en Liturgie	5 178	5 000	(178)
Jeug en Verbondsonderrig	8 185	9 800	1 615
Kapelaansdienste	624	2 500	1 876
Kerkleer en Etiese Norme	2 786	7 000	4 214
Kerksang en -Musiek	3 845	14 900	11 055
Kerkregtelike Sake	16 775	8 800	(7 975)
Kuratorium	19 990	20 000	10
Opvoeding en Onderwys	1 422	3 500	2 078
Sending	6 094	8 000	1 906
Sentrale Kerke Kommissie	37 680	30 000	(7 680)
Vaalterrein	131	-	(131)
	147 385	171 500	24 142

2.1.5 Die vloei van die begrote fondse onder beheer van die BRKA, SKK en Kuratorium is gereeld aan die betrokke kommissies voorgelê.

2.2 Balansstaat op 31 Desember 1991

	1990 R	1989 R
FONDSE BESKIKBAAR		
Opgehoopte fonds	1 651 918	980 584
Alimentasiefonds	48 587	40 075
APK Weeshuisfonds	1 000	-
Bybelverspreidingsfonds	1 237	100
Gebeurlikheidsfonds	17 066	15 067
Geboueverbeteringsfonds	685	-
Motorvervangingsfonds	9 845	-
Publikasiefonds	95 314	70 768
Reserwefonds	500 000	63 121
Vroue-aksiefonds	23 231	5 583
Willie Lubbe Teologiese Studiefonds	180 780	142 590
	2 529 663	1 317 888

AANWENDING VAN FONDSE

Vaste bates	341 315	308 816
Studielenings - Leraars	23 735	-
Studielenings - Studente	107 990	69 878
Biblioteek	18 633	5 061
Netto korttermynbates	2 037 990	934 133
Kontant in die bank	64 126	65 230
Kontant voorhande	249	773
Spaarrekeninge	50 759	53 450
Spesiale deposito	1 514 455	641 029
Gemeentebydraes verskuldig	312 104	102 632
Publikasie voorraad	58 334	29 541
Diverse debiteure	180 264	125 679
Deposito munisipale koste	100	100
Diverse krediteure	(142 401)	(84 301)
	2 529 663	1 317 888

2.3 Opmerkings

Die volledige geouditeerde finansiële state is by die rekenmeester ter insae beskikbaar.

3. APK TRUSTFONDS (B.1.14 van verslag, bl. 196 Sakelys)

3.1 Deurlopende uitbouing

Soos reeds gemeld het die FK voortdurend aandag gegee aan die uitbou van die APK Trustfonds. Die APK Trustfonds het in November 1988 ontstaan met as eerste doelwit om 'n fonds te skep waaruit die

pensioen van sekere leraars wat die grootste deel van hul pensioenvoordele verloor het met die oorkoms na die APK, aangevul kan word. Dit was 'n opdrag van die Sinode 1988.

3.2 Bydraes uit gemeentes

Vanuit 'n gesamentlike vergadering van die SKK en die FK in Oktober 1988 (ook 'n opdrag van die Sinode 1988) is besluit dat alle gemeentes gevra word om by te dra tot dié fonds volgens 'n formule, gegrond op lidmatetal. Verder is besluit dat 'n bedrag van R4 000 per maand vanaf 1 November 1988 belê word om die fonds op te bou.

3.3 Aanwending

Tot dusver moes 'n gedeelte van die R4 000 per maand uit beskikbare fondse aangewend word, aangesien gemeentes nie die volle R4 000 per maand bygedra het nie.

3.4 Verstryking

Die aanvanklike belegging verstryk in November 1993.

3.5 Sanlam

Die aanvanklike gedagte was dat hierdie toelaes wat aan sekere leraars toegestaan sal word, deur die Kerkkantoor hanteer sal word. Later het dit geblyk dat dit tog 'n groot administrasie sal meebring en het die FK aan Sanlam gevra om 'n berekening te maak van addisionele inbetalings by die Pensioenfonds sodat dié aanvullende toelae deel van die pensioen sal uitmaak.

3.6 Memorandum

Br. C du Preez wat van die begin af met die beplanning en uitbouing van die Pensioenfonds en die APK Trustfonds gemoeid was, het 'n memorandum opgestel waarin al die leraars se posisie t.o.v. pensioenvoordele uitgewerk is.

3.7 Knelpunte

Uit hierdie memorandum het dit geblyk dat die knelpunte bestaan by die volgende:

Leraars wat:

- voor 31 Desember 1948 gebore is;

- vanuit die NG Kerk direk oorgekom het en byna alle pensioenvoordele verbou het;
- onder die huidige reëls van die Pensioenfonds 'n maandelikse pensioen sal ontvang wat minder as 30% van hul traktement by aftrede sal beloop.

3.8 Minimum pensioen

As deel van die opdrag wat aan Sanlam gegee is, is versoek dat die berekening gegrond moet wees op 'n minimum pensioen van R1 500 per maand.

3.9 Resultate

Hierdie berekeninge is op 31 Julie 1991 deur die FK behandel. Die volgende gegewens is van belang:

Minimum pensioen Inbetaling op 1/11/1991

R1 500 per maand	R 522 385
R1 800 per maand	R 955 554
40% van traktement	R1 243 370
50% van traktement	R2 185 459

3.10 DIE FK BEVEEL DUS AAN:

3.10.1 Die belegging in die APK Trustfonds gaan voort soos tans tot November 1993.

3.10.2 Aan die 2 persone wat in 1993 aftree, word 'n uitbetaling gedoen uit die APK Trustfonds op dieselfde basis as wat die ander persone sal ontvang.

3.10.3 Die rekenkundige afdeling word gevra om hierdie administrasie te behartig.

3.10.4 Aan Sanlam word 'n nuwe versoek gerig:

Bereken die addisionele inbetaling wat nodig sal wees vanaf 1 Januarie 1994 sodat die basiese pensioen R1 500 per maand sal beloop vir die reeds genoemde 28 persone wat voor 1948 gebore is.

Hierdie basiese toelae moet jaarliks verhoog word met 10% en die toelae na aftrede betaal, moet jaarliks verhoog word soos van toepassing op die pensioen na aftrede.

3.10.5 Die tekort tussen gemeentebydraes

vir die APK Trustfonds en wat in die pensioenfonds intbetaal moet word, word gedra deur die begroting.

3.10.6 Verdere aanbevelings sal dan aan die volgende sinode voorgelê word.

4. TOEKOMSTIGE UITBREIDING (A.3.9 van verslag, bl. 194 Sakelys)

4.1 Ongelukkig het verdere verslag hieroor by die verslag aan die sinode uitgeval.

4.2 Die FK het by 2 geleenthede saam met die BRKA vergader i.v.m. die aankoop van eiendom en aanbevelings aan die BRKA voorgelê.

5. SLOT

Hiermee vertrou die FK dat hy sy lasgewing uitgevoer het. Seën op die sinode toegebid.

Voorsitter

Skriba

31 Julie 1991

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onderblanke Afrikaners)

VYFDE SINODE16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

ADDENDUMVERSLAG : KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS)

1. OPDRAG VAN DIE SINODE 1990

HANDLEIDING VIR KERKLIKE TUG
(OPDRAG VAN DIE SINODE 1990 - Sakelys
p.211 pt. 41.2.)

"Die Sinode gee opdrag aan die KKS om 'n handleiding vir die uitoefening van kerklike tug voor te berei en aan die eersvolgende sinode voor te lê vir goedkeuring".

VIR KENNISNAME

Hierdie handleiding wat aan die Sinode 1991 voorgelê word, is 'n beknopte opsomming van 'n Handleiding by die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse kerke ten opsigte van Opsig en Tug deur dr FAH van Staden.

AANBEVELING 1

Die Sinode besluit: die beknopte Handleiding vir Kerklike Tug word goedgekeur. (Sien Bylae KKS .AA) Dit word na prof dr FAH van Staden (wat dit opgestel het) en ds AS van Jaarsveld verwys vir finale redigering met die oog op publikasie deur die Sinode.

2. BESKRYWINGSPUNTE

2.1 Wysiging van Bep. 14 F1.3 en 14 F 2 - 1990 KO. Sakelys 5de Sinode p. 148, pt. 6.1.2.

AANBEVELING 2

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Bepaling 14F1.1 word uitgebrei met die bewoording van 14F.2 en 14F.2 word as 'n selfstandige bepaling geskrap. Dit lui dan soos volg:

Bepaling 14F

14F1.1 vakansieverlof van twee en veertig dae per jaar, wat nie meer as ses Sondae insluit nie, en wat net oploopbaar is met die instemming van die kerkraad.

'n Predikant behoort sy vakansieverlof te neem voordat hy demissie ontvang. 'n Kerkraad kan besluit om òf ongebruikte vakansie verlof toe te staan òf die verlof uit te betaal ten opsigte van die jaar waarin 'n leraar 'n beroep ontvang en dit opvolg.

Die Sinode besluit dus dat die beskrywingspunt van die Ring van Germiston rakende vakansieverlof van leraars derhalwe nie goedgekeur word nie.

2.2 Wysiging van Art. 55. Sakelys 5de Sinode p. 148/149, pt. 6.1.3.3.
Aanbeveling 31.

Hier het 'n getal uitgeval t.w. 11 en in die voorlaaste sin moet dit lees "van die verslag, Aanbeveling 11, behandel word".

AANBEVELING 3

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Die beskrywingspunt van die Ring van Germiston rakende wysiging van KO art 55 word nie aanvaar nie. Kyk aanbeveling 11 op p. 127 waar die KO wysiging aanbeveel

word.

2.3 Wysiging van KO Bepaling 37F.1.
Sakelys 5de Sinode 1991, p. 149.

AANBEVELING 4

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

1. Die beskrywingspunt van die Ring van Naboomspruit rakende wysiging van KO Bep 37F.1 word nie goedgekeur nie.

2. Wysig die bepaling 37F.1 wat lui

Die ring benoem 'n konsulent vir elke kerk (gemeente). binne sy ressort en wel op so 'n wyse dat die predikante van verskillende gemeentes/kombinasies nie oor en weer mekaar se konsulente is nie;

om soos volg te lees:

Bepaling 37F.1

Die ring benoem 'n konsulent vir elke kerk (gemeente) binne sy ressort indien moontlik op so 'n wyse dat die predikante van verskillende gemeentes/kombinasies nie oor en weer mekaar se konsulente is nie.

2.4 Wysiging van KO Art. 38.1. Sakelys 5de Sinode 1991 p. 149/150 pt. 6.1.6.3.

AANBEVELING 5

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging rakende wysiging van KO art 38.1 word goedgekeur en wysig artikel 38.1 wat lui:

38.1 uit elke (gemeente) die bedienaar(s) van die Woord (hoogstens twee) en twee kerkraadslede per gemeente van wie ten minste een 'n ouderling moet wees. Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien word;

om te lees:

Uit elke kerk (gemeente) minstens twee afgevaardigdes, naamlik die bedienaar(s)

van die Woord (hoogstens twee) en een kerkraadslid per predikant, by voorkeur 'n ouderling, maar as 'n ouderling nie gevind kan word nie, 'n diaken. 'n Gemeente sonder predikant stuur twee kerkraadslede van wie een 'n ouderling moet wees. Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien word.

2.5 Wysiging van KO art. 38.2 Sakelys Sinode 1991, pt. 6.1.7.3

AANBEVELING 6

KKS beveel aan:

Die Beskrywingspunt van die Ring van Memel rakende wysiging van KO art 38.2 word saamgelees met die aanbeveling oor beperkte opdrag p. 136-139 en die beswaarskrif p. 154. Kyk aanbeveling nr 19 p. 138-139.

2.6 Wysiging van Bylae 1 in KO 1990. Wie mag in die AP kerk preek?

Kyk Sakelys Sinode 1991, p. 151.

AANBEVELING 7

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Die beskrywingspunt van dr MFM Pretorius (Wie mag preek in 'n APK?) word nie goedgekeur nie.

2.7 Wysiging van Bylae 2 in KO 1990. Prosedure by opname van lidmate - Sakelys Sinode 1991 p. 151/152, pt. 6.2.2.4.

AANBEVELING 8

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Die beskrywingspunt van die Ring van Lichtenburg (wysiging van prosedure by opname van lidmate) word nie goedgekeur nie, aangesien die bylae net 'n riglyn is.

2.8 Aftree-ouderom van leraars. Sakelys Sinode 1991, p. 152, pt. 6.2.3.1.

AANBEVELING 9

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Die beskrywingspunt van die Ring van Lichtenburg (Aftreeouderdom van leraars) word nie goedgekeur nie.

2.9 Naam van kerk. Sakelys Sinode 1991, p. 152/153, pt. 6.2.4.3.

AANBEVELING 10

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Die beskrywingspunt van ds AJ van Niekerk (wysiging van die kerknaam) word nie goedgekeur nie.

3. BESWAARSKRIFTE

3.1 Beswaarskrif APK Potchefstroom insake skrapping van bep. 40.6 (KO 89) deur Sinode 1990.

Sakelys Sinode, p. 153/156, pt. 6.3.1.

AANBEVELING 11

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Die beswaarskrif is ontvanklik en neem dit in behandeling.

3.2 Beswaarskrif dr CI van Heerden.

Besluit van 1990 Sinode oor KO art. 37.2 (1989).

AANBEVELING 12

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Die beswaarskrif is ontvanklik (en neem dit in behandeling).

3.3 Beswaarskrif ds S Botes insake Kleredrag.

Sakelys bl 154, punt 6.3.3

AANBEVELING 13

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Die beswaarskrif is ontvanklik (en neem dit in behandeling).

4. KERKORDEWYSIGINGE WAT NIE VERBAND HOU MET BESKRYWINGSPUNTE NIE EN WAT DEUR DIE KKS AANBEVEEL WORD VIR WYSIGING

AANBEVELING 14

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

4.1 Bep. 4B

word geskrap, omdat dit reeds ondervang is in bep. 34C en daar tuishoort.

4.2 Art. 25_

Art 25 lui:

KERKVERGADERINGS

Art. 25

Soorte:

- Die gewone kerkvergaderings is:
- kerkraad (waartoe die gemeente tot deelname opgeroep kan word),
- ring en
- sinode.

AANBEVELING 15

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Artikel 25 word gewysig:

Soorte:

Die gewone kerkvergaderings is:

- Kerkraad
- kerkraad waartoe die gemeente tot deelname opgeroep word soos bepaal in art. 11 en 23.

- ring en
- sinode.

4.3 Artikel 31.

Artikel 31 lui tans:

Appèl en Beswaarskrif (Gravamen) (Vgl. ook Art. 58 en Bep. 58A en B).

Die besluit van 'n vergadering is bindend, maar wanneer 'n lidmaat of kerkvergadering hom veronreg voel of meen dat 'n besluit in stryd is met die Skrif en/of belydenisskrifte en/of die kerkorde en/of 'n ander sinodebesluit, kan hy appelleer na 'n meerdere vergadering of 'n beswaarskrif indien by die betrokke vergadering wat 'n besluit geneem het, ter motivering vir die verandering van die besluit.

AANBEVELING 16

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Die opskrif en artikelsverwysing word gewysig om te lees:

Sake van hoër beroep (Vgl. Art. 58, Bep. 58 en 58A).

4.4 Art. 58.1

Artikel 58 lui tans:

Reg tot appèl

58.1 'n Aangeklaagde wat hom deur die uitspraak van 'n kerkvergadering beswaard voel, het die reg tot appèl na die ring en sinode, in hierdie volgorde.

AANBEVELING 17

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Art. 58.1 word gewysig deur die invoeging van die onderstreepte woorde:

'n Aangeklaagde wat hom in 'n tugsaak deur die uitspraak van 'n Kerkvergadering beswaard voel, het die reg tot appèl na die ring en sinode, in hierdie volgorde.

4.5 Bep. 58A.1

AANBEVELING 18

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Bep. 58A.1 word bep. 31A en "(vgl. Art. 31)" verval in die opskrif.

58. A.1 Beswaarskrif (vgl. Art. 31

'n Beswaarskrif moet

- skriftelik wees
- die besluit wazarteen beswaar aangeteken word, woordeliks aanhaal
- ingedien word by die kerkraad as dit handel oor 'n besluit van die kerkraad
- ingedien word by die ring/sinode as dit handel oor 'n besluit van 'n vorige ring/sinode
- duidelike gronde vir die beswaar aanvoer
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

'n Beswaarskrif kan te enige tyd oor enige besluit ingedien word.

Die betrokke kerkraad of meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die beswaarskrif deur na te gaan of aan bogenoemde formele vereistes voldoen is.

4.6 Bep. 58A

Bep 58A lui tans:

BEPALING 58A

Wanneer 'n lidmaat 'n besluit van 'n kerkraad of 'n meerdere vergadering nie kan onderskryf nie, kan hy dit by wyse van 'n *beswaarskrif* of 'n appèl aanhangig maak. Dieselfde geld vir 'n kerkraad/ring ten opsigte van 'n besluit van 'n meerdere vergadering.

AANBEVELING 19

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Bep. 58A word bep. 58 en skrap die onderstreepte woorde "'n beswaarskrif of" en

bep. 58B word bep. 58A.

4.7 Art. 58.3

Art. 58.3 lui tans:

'n Appèl moet binne 21 dae nadat die betrokke besluit geneem is, met opgaaf van redes, skriftelik by 'n meerdere vergadering ingedien word, met kennisgewing aan die vergadering wat die besluit geneem het.

AANBEVELING 20

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Art. 58.3 word gewysig om te lui:

'n Appèl moet binne dae nadat die betrokke besluit per notule goedgekeur is met opgaaf van redes, skriftelik by 'n meerdere vergadering ingedien word, met kennisgewing aan die vergadering wat die besluit geneem het.

5. REGSADVIES IN VERBAND MET EIENDOMSREG VAN 'N PLAASLIKE KERK.

Die KKS beskik oor

- 5.1 advies van prokureur Piet Kotzé
- 5.2 uitspraak van die Hooggeregshof van SA (Witwatersrandse Plaaslike Afdeling)
- 5.3 'n Verslag van oudl A Pienaar.

AANBEVELING 21

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Die Sinode gee opdrag aan die te benoemde PKKS om die opvolgende Sinode met advies te bedien of bep. 31 op grond van die hofuitspraak en ander gewysig moet word al dan nie?

6. ONDERTEKENINGSFORMULIER VIR OUDERLINGE EN DIAKENS.

(Sien Bylae KKS .AB)

Elke kerkraad implementeer die hantering volgens ele keuse, maar as wenk dien die volgende:

1. Die ondertekening kan in die konsistorie ná afloop van die erediens geskied. (Die ondertekeningsformulier word hardop voorgelees, en die nuwe ampsdraer word gevra om dit met sy handtekening te bevestig.)
2. Dit is aan te beveel dat die formulier voor in 'n foliogrootte hardebandboek geplak word en dat ouderlinge en diakens op afsonderlike bladsye hulle handtekeninge en ander gegewens aanbring.
3. Wanneer die ondertekeningsformulier in gebruik geneem word, is dit sekerlik wenslik en noodsaaklik dat die dienende ampsdraers dadelik hulle handtekeninge gee.

AANBEVELING 22

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit:

Die ondertekeningsformulier word goedgekeur.

7. APPÈLSAAK TE BELFAST

Hand. Sinode 1990, p. 677.

"Indien die huidige Sinode nie die appèl van lidmate van APK Belfast kan afhandel nie, verwys die Sinode die verdere ondersoek na die KKS soos voorgestel in die aanbeveling van die SKK. Agenda 4de Sinode bl. 76, pt. 7.1 en 7.2 met volmag om die ondersoek af te handel, terwyl die appèlreg na die Sinode gehandhaaf bly".

Vir kennisname

Die KKS het die opdrag te Belfast uitgevoer deur die appellante aan te hoor in teenwoordigheid van die ringskommissie en die kerkraad van die APK Belfast wat getuienis kon lewer. Al die appèlle is gehandhaaf; die appellante, die ring en die kerkraad is verwittig en van afskrifte voorsien.

Vertrouende hiermee ons opdrag te volvoer het.

AANBEVELING 23

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit die onderstaande advies in verband met koste by tugsake en sake in hoër beroep word goedgekeur en moet as bylae in die Kerkorde opgeneem word.

1. 'n Klaer of lidmaat/kerkvergadering word by die aanvang van die ondersoek in kennis gestel dat die eventuele koste van die saak van die klaer of lidmaat/kerkvergadering gevorder mag word, indien die betrokke vergadering so besluit.

2. Die vergadering wat die saak beslis word gedien met 'n verslag van die beraamde verhaalbare koste aan die saak verbonde.

3. By die berekening van die koste word die volgende in oorweging geneem:

- 3.1 Koste verbonde aan die opstel en duplisering van stukke.
- 3.2 Koste van die versending of verspreiding van stukke.
- 3.3 Noodsaaklike en goedgekeurde reis- en verblyfkoste.
- 3.4 Geen professionele regskoste mag in berekening gebring word nie.

4. Die betrokke vergadering keur die beraming goed, besluit oor die verdeling van die koste en aan wie die betaling moet geskied. In sake van hoër beroep na die Sinode word die goedgekeurde beraming en verdeling na die BRKA verwys vir invordering.

5. Wanneer 'n party aandrang op 'n buitengewone vergadering van die Sinode vir die oorweging van sy saak, moet hy 'n bedrag as kostewaarborg inbetaal voordat van die vergadering kennis gegee word. Die bedrag word deur die BRKA bepaal.

Ds AS VAN JAARVELD. (Voorsitter)

Ds JA DU PLESSIS (Waarnemende Skriba)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners*)

VYFDE SINODE: 16 - 21 SEPTEMBER 1991

BEKNOPTTE HANDLEIDING VIR KERKLIKE TUG

1. INLEIDING

In die Kerkorde (1990) van die Afrikaanse Protestantse Kerk ('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners) word in artikels 50 tot 59 onder opskrif OPSIG EN TUG voorskrifte gegee vir die uitoefening van kerklike opsig en die toepassing van kerklike tug deur die kerkrade en die meerdere kerklike vergaderinge.

Kerklike tug is belangrik en essensieel, vgl. NGB art. 29 waar die kerklike tug as een van die kenmerke van die ware kerk gestel word. Tugtoepassing is egter 'n gewigtige kerklike aangeleentheid waarmee kerklike vergaderinge meermale probleme ondervind, veral ten opsigte van prosedure, sodat daar 'n behoefte bestaan vir advies en leiding. Versigtigheid is daarom 'n goeie wagwoord. Die versigtigste metode is om elke tughandeling met die Kerkorde as voorskrif in die hand te hanteer.

Die feit dat kerklike handelinge (tughandelinge ingesluit) ook deur ander instansies, byvoorbeeld geregshowe beoordeel kan word aan die hand van die kerkverband se eie reëls, naamlik die Kerkorde en Bepalings (as Grondwet) en Ordereëls vir kerklike vergaderinge tot groot versigtigheid noop. Gevolglik is die noukeurige nakoming van die kerkverband se eie kerkordelike reëls dus ook vanuit 'n sekulêre gesigshoek noodsaaklik.

2. DIE KERKORDE

'n Kerkorde bevat net 'n beperkte aantal reëls of voorskrifte. Dit reël dus nie in besonderhede soos 'n kerkwet of reglementeer nie soos 'n reglement nie. Dit sê hoofsaaklik WAT gedoen moet word, sonder om die HOE gedetailleerd uit te spel.

Die beperkte aantal reëls, sonder volle voorskrifte in besonderhede, word deur sommige as 'n leemte by tugtoepassing geag. Die feit is dat ervaring geleer het dat dit juis die reël van 'n kerkwet of reglement is wat eerder lei tot prosedurefoute as 'n kerkorde met sy beperkte aantal reëls. 'n Kerkorde bied juis die kerklike vergaderinge die mate van vryheid om, terwyl hulle die gegewe beperkte aantal voorskrifte streng navolg, met inagneming van die Gereformeerde Kerkreg, self kan besluit oor besonderhede van geval tot geval sonder die gevaar van prosedurefoute ten opsigte van ongeskrewe besonderhede.

3. 'N HANDLEIDING

'n Handleiding is 'n boek of dokument wat as leidraad dien, wat leiding, toeligting en advies wil gee ten opsigte van die gegewe voorskrifte en wat meteen bedag wil maak op die ongeskrewe moontlike prosedure. Dit bied geen nuwe voorskrifte nie en waak daarteen om in die leiding, voorligting en advies enigsins voorskriftelik te wees, veel eerder verduidelikend.

Kerklike vergaderinge moet dus hierdie Handleiding nie as 'n kerkwet of reglement gebruik nie, maar as toeliggend, verhelderend, leidinggewend, adviserend ten opsigte van die artikels van die Kerkorde betreffende Opsig en Tug.

4. BEGRIP

Wat is kerklike tug? Die woord "tug" is afgelei 'n oud-Nederlandse woord "tichen" (ook tiegen of) wat oorspronklik beteken om "te trek", in die betekenis van optrek, ophelp, reghelp, opvoed, behou. Dit is met hierdie betekenis dat kerklike tug verstaan moet word. Kerklike tug word toegepas met die

doel om belydende lidmate (natuurlik ingesluit die ampsdraers) en dooplidmate (laasgenoemde in beperkte sin), wat in leer en/of lewe dwaal (sondig, oortree) "te trek", op te trek, op te help, reg te help, op te voed, te behou, met ander woorde te probeer oortuig van die dwaling (sonde, oortreding), te lei tot berou en belydenis voor die Here, tot bekering van die dwaling tot 'n Godwelgevallige lewe en 'n terugkeer tot die goeie orde soos dit in die kerk van Christus hoort, vgl. Kor. 14:40.

Tug is dus nie straf nie; (in die oorspronklike Handleiding, kyk VIR KENNISNAME hierbo word gehandel met NGB art. 27, DKO art. 71 en ander standpunte), vgl. die bewoording van art. 51 (aanbevole art. 52.2 deur KKS).

5. DIE DOEL (ART. 50)

Art. 50 spel die DOEL van die kerklike tug duidelik uit, naamlik "tot eer van God, tot heil van die gemeente en tot behoud van die sondaar".

Voorop staan "*die eer van God*". Dwaling in leer en/of lewe, sonde, oortreding is tot oneer van die Here. Dit is 'n aantasting van sy eer. Paulus rig die gelowige se hele wese en lewe op die eer van God, vgl. 1 Kor. 6:20; 10:31; Rom. 2:24 e.a. Calvyn gaan uit van die standpunt, volgens die Skrif, dat 'n goddelose lewe in die kerk tot smaad van God dien, daar dit lei tot lastering van die Naam van die Here en ontheiliging van die sakramente. Dit mag in die kerk nie geduld word nie en daar moet teen die onboetvaardige met die tug opgetree word. Só moet daarna gestrewe word om die eer van God in die kerk en in die lewe van die sondaar te herstel en te handhaaf. Kerklike vergaderinge en lidmate het daarom 'n groot verantwoordelikheid van die Here ter wille van die eer van sy Naam!

Tweedens gaan dit om "*die heil van die gemeente*". In 1 Kor. 12:27 skryf Paulus dat die plaaslike kerk (gemeente) en dus die lidmate individueel en gesamentlik "die liggaam van Christus is, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan". In v.26 het hy verklaar dat "as een lid ly, ly al die lede saam". Die sonde van een lid maak die hele liggaam siek en volgens die Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 82 kan die sonde van een lid die toorn van God teen die ganse gemeente opwek. In v.25 gebied Paulus "dat

die lede gelyke sorg vir mekaar dra". Hulle moet ag gee op mekaar en indien nodig vermanend.

In 1 Kor. 5 gebied Paulus dat opgetree moet word teen elke lid in sonde wat die heil van die gemeente aantast. Hy beveel: "verwyder hulle onder julle uit", want "'n bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur". As hy dan in v.7 gebied dat die "ou suurdeeg uitgesuiwer" moet word, dul die "verwydering en uitsuiwering" op die kerklike tug met die doel om die kerk (gemeente) vir Christus te heilig en te bewaar.

Derdens dien kerklike tug "*tot behoud van die sondaar*". 'n Lewe in dwaling en sonde laat die lidmaat sy Christelike lewensdoel misloop in stryd met wat die Woord van God vereis en in stryd met die eie belofte by die aflegging van belydenis van geloof, vgl. die Formulier. So 'n lewe is tot oneer van die Here en tot ontheiliging van sy kerk. So 'n lidmaat moet daarom "reggehelp word" (Gal. 6:1). Hy/sy moet vermanend aangespreek word met en deur God se Woord tot sondeversaking en berou en bekering, vgl. Jak. 5:19-20.

Indien die sondaar ongehoorsaam en onberoulik hardnekkig in die sonde volhard, móét die kerklike tug toegepas word om tot besinning, sondebeseft, sondeberou, belydenis en bekering te bring.

6. DIE GRONDSLAG (art. 50)

Art. 50 bepaal ook dat die kerklike tug toegepas moet word "volgens die voorskrifte van die Woord van God en die Kerkorde en aanverwante bepalinge". Die kerklike tug het sy grondslag in die Skrif, vgl. Ex. 22:18; Lev. 20:27; Num. 35:16; Deut. 18:10; Jos. 6:21; 1 Sam. 15:3 o.a. en Mt. 16:18 vv; Mt. 18:15 vv; Joh. 20:23; Rom. 16:17-18; 1 Kor. 5:2 13; 14:40; 2 Kor. 2:7; 1 Tes. 5:14; 2 Tes. 3:6, 15; 1 Tim. 5:20; Tit. 3:10; Hebr. 3:13; Jak. 5:19-20 en Openb. 2:2 o.a.

In die Skrif gee Christus, die Hoof van die kerk beginsels vir die kerklike tug. Dit is die taak van die Kerkreg om hierdie beginsels uit God se Woord vir die kerk af te lees en te formuleer. Die kerke in kerkverband in hulle meerdere vergadering, naamlik die sinode vergader, formuleer dan, aan die hand van die Skrif en die Kerkreg, artikels en bepalinge as reëls of voorskrifte, wat in die Kerkorde as

die akkoord van die kerke in kerkverband, vasgestel word vir gebruik deur die kerklike vergaderinge by kerklike tugtoepassings.

Dit is daarom essensieel dat kerkraadslede en afgevaardigdes na meerdere kerklike vergaderings die tugartikels en bepalings in die Kerkorde sal ken, verstaan en streng volgens voorskrif toepas vir sover artikels en bepalings voorgeskryf is.

7. DIE KARAKTER (art. 51, KO 1990)

(Die KKS beveel aan dat dit art. 52.2 word)

Art. 51 verskyn op p. 24 van die KO 1990 en moet daar gevolg word om hier ruimte te spaar.

In verband met die **KARAKTER** van die kerklike tug, word vier kenmerke onderskei, naamlik dit is *geestelik, opvoedend, genesend en regtelik* van aard.

7.1 Art. 51 beklemtoon die *geestelike kenmerk*. Tug is wesenlik 'n geestelike handeling, 'n geestelike magsmiddel (in die sin van die reg en bevoegdheid om te handel). Aan die kerk is "die swaard van die Gees - dit is die Woord van God" gegee waarvolgens opgetree word by die tug. Die kerk wil deur die tugprosedures die lidmaat wat in leer en/of lewe dwaal tot besinning, sondeberou, belydenis en bekering bring tot 'n lewe wat God behaag. Daarom is die tugmiddels die wat die Woord van God bied, naamlik vermaning, uitsuiwering, verwydering en uiteindelik, afsnyding, vgl. Mt. 18:15-17; Rom. 16:17; 1 Kor. 5:2, 13; 2 Kor. 2:5-7; Gal. 6:1; 1 Thes. 5:14; 2 Thes. 3:6, 15; 1 Tim. 5:20; Tit. 3:10; Hebr. 3:13; Jak. 5:19-20.

7.2 Daarom bepaal art. 51 dat die opsieners by tugtoepassing "*die toon en karakter van die burgerlike regspleging moet vermy*". Die artikel sê hulle is nie "*regters*" op die regbank wat die saak van 'n oortreder verhoor en wat by skuldig bevinding gaan vergeld, straf nie. Daarom sluit bep. 57D dit uit dat 'n "*regspraktisyn of pleitbesorger namens enige party mag optree*". Dit gaan om 'n mede-lidmaat of -ampsdraer (medebroer of -suster) wat ernstig gedwaal, gesondig het en wat teruggebring moet word en nie vergeld of gestraf moet word nie. Daarom mag dit by tugtoepassing NOOIT gaan om 'n moeilike of lastige lidmaat/ampsdraer waarvan ontslae

geraak moet word of wie reggesien moet word nie. Tug is nie straf nie. Dit is nie vergeldende geregtigheid nie.

7.3 Art. 51 bepaal dat die opsieners wat tug toepas "*vaderlike opsieners*" is. Met ander woorde hulle tree op soos vaders met die gesindheid in die hart van 'n vader wat sy stout kind gaan tug om hom terug te wen, te behou, van die verkeerde pad of daad te lei tot 'n beter lewe. Daarom bepaal die artikel "*met tere liefde en belangstelling*". "*Tere liefde*", is liefde met deernis en bewoëndheid, liefde wat uitgaan om te red en te behou. In elke tughandeling moet die liefde duidelik blyk, die botoon voer, sodat die sondaar kan aanvoel dat dit om sy heil, behoud gaan en nie om straf nie. Hierdie aanvoeling en besef breek weerstand af en beweeg tot berou.

Dit is hierdie liefde wat die opsieners in die heil en behoud van die sondaar laat belangstel, dus in dié mens oor wie hulle moet besluit. Dit is die liefde wat 'n vergadering al wenende oor 'n afgedwaalde laat besluit. Dit is die liefde wat in sy heil belangstel. Daarom word daar getug.

7.4 Art. 51 bepaal ook dat die opsieners "*met diepe ootmoed voor God*" en met "*regverdigheid*" laat optree. Die opsieners is ampsdraers wat die bevoegdheid het om tug uit te oefen. Dit is nie eie bevoegdheid nie, maar van Christus ontvang as geroepenes, sy diensknegte, wat vir hulle handeling teenoor Hom verantwoordelik is. Dit stem tot erns, versigtigheid en eerlikheid. Daarom buig hulle voor Hom met diepe ootmoed, dit is nederigheid, kleinheid, die besef van eie swakheid en onvermoë, biddende om leiding, wysheid, insig en baie genade, sodat "*regverdigheid*" sal geld. Reg en geregtigheid vereis eerlikheid en regverdige behandeling. Die strewe is die belydenis: ons en die Heilige Gees het besluit: "*Regverdigheid*" kies nooit by voorbaat kant nie, maar ondersoek en luister eers (die bekende hoor-die-anderkant-reël) en is nooit bevooroordeel nie. Die sondaar moet weet en aanvoel dat die opsieners hom/haar hoor, regverdig behandel en daarom onbevooroordeel en eerlik besluit. Dit beweeg 'n hart tot bekering.

Maar "*ootmoed*" stroop ook elke opsiener van hooghartigheid in die besef dat die sondaar wat daar staan net so 'n mens is soos elke opsiener wat moet besluit, 'n mede-lidmaat, -broer, -suster, -ampsdraer. Elke opsiener is self 'n begunadigde, wat self

uit die genade van die Here lewe. Daarom word veroordeling by die wortel afgesny.

7.5 Laastens bepaal art. 51 dat tuguitoefening "*sonder aansien van persoon*" geskied, dit wil sê elke lidmaat en ampsdraer, wat ernstig in leer en/of lewe dwaal ongeag status of posisie in die kerk, samelewing of owerheid. Daar is by die essensiële van tughandeling geen voorkeure nie.

8. OORSAKE EN TUGWAARDIGE SONDES, ART. 52

8.1 Art. 52 is soos art. 51 van algemene aard. Die KKS beveel daarom aan dat art. 51 en 52 as een artikel saamgevoeg word en wel as arts. 52.1 en 52.2 met art. 52 logiserwys as art. 52.1 en art. 51 as art. 52.2.

8.2 Art. 52 handel hoofsaaklik oor twee aangeleenthede: 1) "*die kerklike opsig*", wat strek "*oor die hele lewenswandel en leer van die belydende en dooplidmate*" en 2) "*die kerklike tug*" wat gaan "*oor alle tugwaardige sondes ...*".

8.3 Oorsake vir kerklike tug: art. 52 bepaal dat die *kerklike opsig* oor die "*hele lewenswandel en leer*" strek. Die klem val dus op *alles* wat die "*lewenswandel*" en die "*leer*" betref. Dit is waaroor die kerklike tug strek met die klem op wanneer die "*lewenswandel*" sondig of onchristelik geword het en die "*leer*" verval het in onsuiverheid en dwaling. Dit is wat die opsig en die tug betref 'n baie wye omskrywing van die oorsake vir kerklike tug. Art. 52 help egter die opsiener en kerklike vergadering deur die oorsake vir kerklike tug nader te spesifiseer en af te perk tot "*alle tugwaardige sondes wat teen die Woord van God, die belydenis van die kerk en die orde en dissipline in die gemeente indruis*".

8.4 Tugwaardige sondes: art. 52 bepaal dus dat alle sondes nie tugwaardig is nie, met ander woorde onderskei tussen "*sondes*" en "*tugwaardige sondes*", of sondes wat NIE en sondes wat WEL tugwaardig is. Die vraag is dan wat is "*tugwaardige sondes*"?

Art. 52 bepaal dat "*tugwaardige sondes*" daardie is wat indruis teen 1) "*die Woord van God*", (wat die lewenswandel en die leer raak); 2) "*die belydenis van die kerk*", (wat die leer raak); 3) "*die orde en dissipline in*

die gemeente", (wat die lewenswandel raak).

Ten einde "*tugwaardige sondes*" nader te bepaal, moet art. 53 vervolgens onder bespreking gebring word.

9. TUGPROSEDURE, ART. 53 en BEP. 57A-D

9.1 Aangesien bep. 57A-D hoofsaaklik met *tugprocedure* handel, hoort dit tuis onder art. 53 en nie onder art. 57 nie. Die KKS beveel dié verskuiwing aan.

9.2 Vanuit art. 53 kan "*tugwaardige sondes*" nader bepaal word. Art. 53 onderskei: 1) "*tussen 'n enkele oortreding en volharding in die sonde*" en 2) "*geheime sondes*" en "*openbare, ergerlike sondes*".

9.3 Geheime sondes: art. 53 bepaal dat daarmee volgens Mt. 18:15-20 gehandel moet word. As die tekste gelees word, is dit duidelik dat geheime sondes nie geopenbaar word nie en dus nie tugwaardig is nie, totdat dit blyk dat daarin volhard word in welke geval dit aan "*die gemeente*" gesê moet word, dit beteken die kerkraad (of ring). Prof BB Keet sê (Orde in die kerk, p. 108): "*dat die kerklike tug nie oor verborge sondes gaan nie, maar oor sondes wat in die openbaar gepleeg is, of in die geheim gepleeg is en openbaar geword het*".

9.4 "Openbare, ergerlike sondes": G Voetius sê: "*tugwaardig is sondes van allerlei aard wat ergerlik is en met hardnekkigheid en veragting van die kerklike vermaning en bestraffing gepaard gaan*". Oor dusdanige sondes bepaal art. 53 dat "*die betrokke kerkvergadering moet handel volgens die bepalings van die Kerkorde*". Elke kerklike vergadering, wat tug toepas, moet dus onderskei in die opsig dat 'n "*tugwaardige sonde*" 1) *openbaar gepleeg* moet wees, 2) *engerlik van aard* is en daarom 3) *aanstoot gee* in die gemeente en 4) *God se eer openlik smaad aandoen*. Dit is kenmerke van *tugwaardige sondes*.

9.5 Art. 53 onderskei ook tussen 'n "*enkele oortreding*" en "*volharding in sonde*". "*Enkele oortreding*" veronderstel 'n enkele dwaling in leer en/of lewe, wat nie herhaal is of word nie, dus nie mee volhard word nie. 'n Sodanige oortreding kan as nie tugwaardig beoordeel en geag word indien dit nie wesenlik ergerlik van aard is en dus ernstig

aanstoot gegee het nie, al is dit in die openbaar gepleeg. In 'n sodanige geval kan die kerklike vergadering die saak afhandel met wat in die Kerkreg bekend staan as voortug se maatreëls soos byvoorbeeld 'n vermaning of 'n eenmalige afhouding van die nagmaal. Die aard van die oortreding, die graad van ergerlikheid en die omvang van aanstoot sal bepaal of tugstappe toegepas moet word.

9.6 Volharding in sonde: dit veronderstel dat die sondaar alle vermanings geïgnoreer het en ongeërg voortgaan met sy/haar dwaling in leer en/of lewe. Volharding kan negatief of positief wees - *negatief*, indien die sondaar die dwaling erken, die vermaning aanvaar, selfs berou betuig, maar tog nie met die dwaling breek of werklik bekeer nie, en *positief*, indien alle vermaning verag word en onboetvaardig met die sonde volhard word. In beide gevalle blyk 'n *hardnekkigheid* aanwesig te wees. *Volharding* is dus nog 'n kenmerk van 'n tugwaardige sonde, veral as *hardnekkigheid* aanwesig is. Dit spreek van 'n versetlike, opstandige, uitdagende houding.

9.7 Die Woord van God: In *Rom. 3:20* lees ons: "deur die wet is die kennis van die sonde", vgl. *art. 52*. Oortreding van die wet van die Here, kan meestal in die geheim geskied, maar die ervaring is dat dit meestal spoedig openbaar raak, ergernis veroorsaak en aanstoot gee. Elke kerklike vergadering wat 'n klag in verband met 'n oortreding van die wet ondersoek, moet nooit vaag wees met net byvoorbeeld: "'n oortreding van die sewende gebod" of "van die negende gebod" as klag nie. So 'n klag moet duidelik spesifiseer wanneer, waar, hoe, in welke opsig ens. sodat die aangeklaagde presies weet waarom en wanneer hy/sy aangekla is met die oog op *verweer* in 'n regverdige tugondersoek.

9.8 Dit geld ook by leertug, hetsy die klag na die Woord verwys of na die belydenisskrifte (die leer van die kerk).

9.9 "Die orde en dissipline in die gemeente": *art. 52* verwys nie verniet na "alle tugwaardige sondes wat teen ... die orde en dissipline in die gemeente indruis nie". 'n Dwaling in leer en/of lewe kan die orde en dissipline in die gemeente ondermyn en chaos, wanorde en ongedissiplineerdheid tot gevolg hê. Die Skrif eis in 1 Kor. 14:40: "laat alles welvoeglik en ordelik toegaan" in die gemeente, want v.33 "God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al

die gemeentes van die heiliges". Kwaadstokery, onrusstokery, kliekvorming, partyskappe, skeurmakery, gesagsondermyning ens., ens. is tugwaardige daade. Nie net die ampsdraers nie, maar elke lidmaat het die plig en verantwoordelikheid om orde en vrede te bevorder tot heil van die gemeente.

9.10 Tugprosedure: met 'n begrip van wat "*tugwaardige sondes* is", word vervolgens gelet op die prosedure soos in *art. 53 en bep. 57A-D* vasgestel.

9.10.1 By prosedure is die *eerste vereiste* dat die kerklike vergadering **STIPTELIK** volgens die voorskrifte van *die Kerkorde* MOET handel. Die voorskrifte is beperk, maar baie belangrik. Streng, nougesette en versigtige nakoming van die voorskrifte is 'n waarborg teen prosedurefoute wat tugtoepassing verlam, appèlle (wat ampsdraers baie ongelukkig stem as dit slaag weens prosedurefoute en wat vir die getugtigde water op die meul is, veral as hy/sy skuldig is) en hofsake.

9.10.2 'n Tweede vereiste is dat geen lidmaat of ampsdraers getug mag word, sonder dat daar 1) 'n *definitiewe klag* geformuleer is, 2) die klag (of gerug) *grondig ondersoek* is, 3) volle, regverdige geleentheid vir *verweer* gebied is nie.

9.10.3 Art. 53 verwys na 'n "*klag*" en *bep. 57A* bepaal dat 'n ongesensureerde, belydende lidmaat 1) 'n klag of klagtes **SKRIFTELIK** (dit is 'n vereiste!) by 'n kerkraad kan indien teen 'n belydende lidmaat of ampsdraer in verband met dwaling in leer en/of lewe - *LW die klag word by die KERKRAAD ingedien*, en 2) die klaer **MOET** terselfdertyd die aangeklaagde daarvan skriftelik kennis gee. Die bepaling sê "*met kennisgewing aan die aangeklaagde*" en dit beteken dat die inhoud van die klag skriftelik aan die aangeklaagde gegee moet word. *Die kerklike vergadering moet seker maak dat die klag duidelik is en deurgegee is.*

9.10.4 Bep. 57B bepaal dat as "'n lid of lede van 'n kerkvergadering" kennis neem "van 'n verspreidende, nadelige gerug", **LET OP die kwalifikasie**, nie maar net enige gerug of skinderstorie nie, maar dit moet reeds *die karakter* verkry het van *nadelig* (benadelend, ergerlik, aanstootgewend) en deur die gemeente *versprei* het, algemeen bekend geword het, **MOET** 'n tugondersoek plaasvind. Vanuit die ondersoek mag dit blyk

'n vals gerug te wees en kan die lug gesuiwer en die betrokke, oor wie die gerug gaan, se naam skoongemaak word of as die gerug gegronde is 'n klag amptelik geformuleer word.

9.10.5 *Bep. 57C* brei uit op art. 53 se voorskrif: 1) die kerklike vergadering moet nou "volgens die artikels en bepalinge van die Kerkorde" die klag of gerug "grondig ondersoek", dit is baie deeglik, wat insluit gesprekke met die klaer, die aangeklaagde en volgens *Bep. 57D* getuies, ('n grondige ondersoek vereis dat die wanneer, waar, wat, hoe ens. deeglik gekontroleer word, dat feite vasgestel word, hoorsê-getuie of vermy moet word of andersins deeglik geëvalueer en sover doenlik gestaaf word, gewaak moet word teen ongegronde skinderstories, griewe, persoonlike aksies, vergeldingsmotiewe ens.; waak ook teen die geleentheid om reg te sien of van lastige, moeilike mense ontslae te raak) en 2) "die aangeklaagde volle geleentheid vir verweer" bied, (art. 53) en dit beteken volgens *Bep. 57C* "'n regverdige geleentheid tot verweer", met ander woorde nie net met die vooraf ondersoek nie, maar by die eintlike ondersoek in die kerklike vergadering van kerkraad of ring moet die aangeklaagde volle, genoegsame, regverdige geleentheid kry vir verweer. Die kerklike vergadering moet die aangeklaagde wat sy onskuld wil of kan bewys nooit die geleentheid ontnem nie. Volgens *Bep. 57D* mag die aangeklaagde ook getuies roep tot sy voordeel en getuie voorlê tot sy voordeel. Dit mag wees dat 'n aangeklaagde vroeg reeds alle skuld erken, waardeur die ondersoek kort geknip kan word of selfs gedurende die ondersoek in die vergadering.

9.10.6 **Suiwering van die vergadering** - die Kerkorde bied geen voorskrif in verband met die suiwering van die kerklike vergadering, kerkraad of ring vir die ondersoek in die vergadering deur die vergadering nie. Dit is egter vanselfsprekend dat alle direk betrokke soos die klaer(s), getuies of familieledes, wat kerkraadslede is, nie aan dié ondersoek deur die kerkraad in vergadering mag deelneem nie; dit geld ook ten opsigte van die ring en veral wat die afgevaardigdes van die kerkraad betref uit wie se gelede die aangeklaagde is.

9.10.7 "Geen regspraktisyn of pleitbesorger" word vir of die aangeklaagde of die kerklike vergadering toegelaat nie, *Bep. 57D*.

9.10.8 **Skuldigbevinding:** art. 53 verbied enige tugtoepassing en dus skuldigbevinding "alvorens die klag grondig ondersoek" en "volle geleentheid vir verweer" gebied is. Indien dié vereistes nagekom is, besluit die vergadering oor skuld of onskuld. *Bep. 57C* vereis dat die kerklike vergadering 1) "sy bevinding skriftelik formuleer", 2) oordra aan die aangeklaagde en 3) aan die klaer in die geval van 'n klaer volgens *Bep. 57A*.

Indien *onskuld* bevind is, sluit die ondersoek en val die klag weg. Indien *skuld* bevind is, besluit die vergadering op die gepaste tugmaatreël volgens art. 57.1, 57.2, 57.3 of 57.4 na gelang van geval.

10. DIE ONDERSOEKER, ARTS. 54, 55, 56

10.1 *Art. 54* bepaal dat "'n lidmaat wat hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, onder die tug van die plaaslike kerkraad val". Die kerkraad is die kerklike vergadering aan wie die opsig en tug toevertrou is. (Die eerste twee sinne van art. 54 hoort nie tuis onder art. 54 nie en beveel die KKS aan dat dit art. 51 na art. 50 word, vgl. paragraaf 8.1. Art. 54, 55 en 56 behoort eintlik na die nuwe arts. 52.1 en 52.2 te volg. Dit handel oor die kerklike vergaderinge wat as ondersoekers, met inagneming van die algemene voorskrifte van arts. 51 en 52 KO 1990, die ondersoek soos in art. 53 en bep. 57A-D bepaal moet hanteer).

10.2 *Art. 55* bepaal dat indien 'n kerkraadslid hom "aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak" die kerkraad die saak moet ondersoek en "by skuldigbevinding hoogstens tydelik in die amp mag stuit". Indien art. 55 gelees word met arts. 57.3 en 59.2 is dit duidelik dat iets belangrik by art. 55 uitgeval het, want terwyl art. 55 geen melding maak van bestraffing en skorsing, is dit wel onder art. 57.3 tugmaatreëls, wat volgens art. 59.3 ophefbaar is.

Art. 55 stel die kerkraad as die ondersoeker, wat ook die "skuldigbevinding" doen. Die kerkraad mag egter nie self tug toepas nie; hoogstens in die amp "stuit". STUITING IS NIE TUG NIE, DOG NET 'N TYDELIKE MAATREËL WAARDEUR DIE UITOEFENING VAN AMPSPLIGTE TYDELIK BEVRIES WORD MET DIE OOG OP ONDERSOEK. *Art. 55* bepaal dat die ring die tugtoepassing doen. *Art. 55* maak net voorsiening vir

"afsetting" uit die amp, terwyl art. 57.3 ook *bestrafing en skorsing* bepaal. Dat 'n kerkraad by skuldigbevinding die ring kan versoek tot afsetting rym wel, met natuurlik die veronderstelling dat die kerkraad alle gegewens in verband met die ondersoek en die gronde vir skuldigbevinding en redes vir afsetting moet verstrek sodat die ring kan oordeel of afsetting wel toegepas moet word.

(Dit rym egter nie dat die kerkraad alleen ondersoeker is en dat die ring volgens art. 57.3 moet besluit oor die tugmaatreëls van bestrafing of skorsing nie. Daarom beveel die KKS sinvol aan dat die ring die mede-ondersoeker moet wees, maar aleen besluit oor skuldigbevinding en die tugmaatreëls. Die kerkraad kan voor die ondersoek "stuiting" toepas in die geval van ergerlike, openbare afdwaling of van 'n verspreidende nadelige gerug).

10.3 Art. 56 handel met alle persone met *predikantstatus*. Hierdie artikel handel met *vyf* aangeleenthede: 1) dat hy afdwaling in leer en/of lewe *die kerkraad 'n "voorlopige ondersoek" doen*, met ander woorde nie *die werklike ondersoek* nie; die *doel* is tweërlei: i) dat die kerkraad hul sal vergewis dat 'n klag of nadelige gerug *wel substansie* het alvorens dit deur 'n ringondersoek algemeen bekend word ('n beskermingsmaatreël) en ii) om die volgende stap van *stuiting* te kan grond; 2) dat *die kerkraad oor stuiting* kan oordeel en toepas en wel "*in oorleg met die ringskommissie*", wat veronderstel dat die kerkraad alle besonderhede van die voorlopige ondersoek aan die ringskommissie deurgee vir besluit aangesien die ringskommissie nog onbekend is met die inhoud van die klag of nadelige gerug; met dien verstande dat indien die afdwaling ernstig, ergerlik en openbaar is en die gerug dusdanig nadelig en verspreidend is dat summiere optrede vereis word, die kerkraad sonder 'n voorlopige ondersoek in oorleg met die ringskommissie stuiting kan toepas; die kerkraad kan nie op sy eie handel en stuit nie; 3) die *ringskommissie* moet dadelik 'n *buitengewone ringsitting* (Bep. 37B) belê met vermelding van die redes, sodat die ring kan besluit oor die ondersoek, want die *ring* kan aan die *ringskommissie opdrag* gee om 'n ondersoek te doen waardeur besonderhede ingewin en getuies getoets word, sodat wanneer die ring, ter vergadering, die ondersoek doen, hy met 'n volledige verslag deur die ringskommissie bedien kan word; *die ring* moet seker maak dat die

aangeklaagde bedien word met 'n *volledig, duidelike geformuleerde klag* en in die ondersoek *volle geleentheid vir verweer* bied, vgl. art. 53 en bep. 57C; 4) *indien die ring* skuld bevind, handel hy volgens Bep. 57C en besluit oor die tugmaatreëls volgens art. 57.4 met beoordeling van die omvang, graad ens. van die afdwaling; 5) 'n *ring* kan in sy ondersoek, bevinding en besluit 'n *naburige ring raadpleeg*", dit is om leiding, advies ens. vra.

11. TUGMAATREËLS, ART. 57

11.1 Die opskrif by art. 57 is TOEPASSING VAN TUG, maar dit bepaal eintlik die TUGMAATREËLS. Dit onderskei en bied daarom afsonderlik tugmaatreëls vir 1) belydende lidmate, 2) dooplidmate; 3) kerkraadslede; 4) evangeliedienaars.

11.2 Belydende lidmate: hier is drie tugmaatreëls te sprake:

1. "*n bestraffing in of buite die vergadering van die kerkraad*, art. 57.1.1; *bestrafing*" is volgens die Gereformeerde Kerkreg eintlik nie 'n tugmaatreël nie, maar 'n *voorloper* van die kerklike tug; die woord "*bestrafing*" is misleidend en kan geïnterpreteer word as sou tug straf wees, daarom word die term "*kerklike vermaning*" verkies; 'n "*bestrafing*" kan *in* die vergadering geskied in teenwoordigheid van die kerkraad of die kerkraad kan besluit om dit *buite* die vergadering aan 'n kommissie toe te vertrou;

2. "*sensuur ... tot tyd en wyl daar bewys is van grondige berou*", art. 57.1.2; "*sensuur*" is 'n tugmaatreël wat *nie die lidmaatskap* raak nie, maar wat *die lidmaatsregte opskort*, wat insluit die reg van *toegang tot die sakramente* ("onthouding van die heilige bondseëls), *stemreg* (vgl. art. 11, bep. 11A en art. 23.1, bep. 23B), die *reg om as ampsdraer verkies te word* en 'n *klag aanhangig te maak*, (vgl. bep. 57B); "*sensuur*" is volgens art. 57.1.2 onbepaald, "*tot tyd en wyl daar bewys van grondige berou is*". Sodra berou bewys is, kan die kerkraad sensuur ophef; 'n *lidmaat wat onder "sensuur" geplaas is se naam word nie daarom vanaf die kansel aan die gemeente bekendgemaak nie*.

3. *afsnyding* (ekskommunikasie, groot ban) - indien 'n kerkraad 'n gesensureerde *vir 'n geruime tyd getrou bearbei het* (haas jou langsaam, beoefen toleransie), maar steeds

in sy afdwaling volhard, mag die kerkraad, *ná raadpleging van die ring*, besluit om die gesensureerde *van die gemeente af te sny* en so sy lidmaatskap te beëindig; die Kerkorde skryf nie die prosedure vir afsnyding voor nie, maar dit geskied volgens die Gereformeerde Kerkreg in drie fases van handeling.

11.3 Dooplidmate: hier is twee *tugmaagreëls* ter sprake - daar moet onthou word dat 'n *dooplidmaat* nog *geen lidmaatsregte* het nie en daarom kan daar *geen sprake van "sensuur" of "afsnijding"* wees nie; die *tugmaatreëls* is volgens art. 57.2.1 beperk tot "*bestraffing*" waaromtrent die artikel so duidelik is dat *geen verduideliking-nodig* geag word nie en volgens art. 57.2.2 "*terughouding van die aflegging van geloofsbelydenis*", wat ewe-eens duidelik is.

11.4 Kerkraadslede: art. 57.3 bepaal die *tugmaatreëls*:

1. "*n bestraffing*", dit is 'n kerklike vermaning, "*in*" die vergadering of by wyse van 'n kommissie "*buite*" die vergadering, soos hierbo onder 11.2.1 verduidelik;

2. "*skorsing in diens tot tyd en wyl daar bewyse van grondige berou is*", "*skorsing*" raak nie die *ampstatus* nie, dog hef net die reg om *ampspilgite* uit te oefen op; dit sluit "*sensuur*" in, vgl. p. 11.2.2; dit is onbepaald soos blyk uit die voorskrif "*tot tyd en wyl daar bewyse van grondige berou is*"; die ring besluit oor die tugtoepassing, vgl. art. 55 gelees met art. 57.3.2; (die KKS beveel 'n wysiging aan);

3. "*afsetting uit die diens deur die ring*" - "*afsetting*" kan geskied indien die afdwaling in leer en/of lewe dusdanig ernstig, ergerlik en aanstootlik is dat die *ampstatus* nie langer behou mag word nie of in opvolging van "*skorsing*" indien die getugtigde in die afdwaling volhard met hardnekkigheid.

11.5 Evangeliedienaars: art. 57.4 bepaal drie *tugmaatreëls*:

1. "*bestraffing*" *in of buite die vergadering van die ring*", vgl. pt. 11.4.1;

2. "*skorsing ... vir 'n vasgestelde tydperk*" - dit is vir 'n *bepaalde tydperk*, (dus nie onbepaald vir en sonder vermelding van die vereiste van bewese berou), wat impliseer dat die band met die gemeente nie

losgemaak word nie en vandaar die bepaling "*met behoud van traktement en behuisingsvoordeel*"; dat die band nie losgemaak word nie, is strydig met art. 59.3.1 wat bepaal dat na opheffing van skorsing die ring die persoon beroepbaar stel ("*met beroepbaarstelling deur die ring*"), wat tog impliseer dat 'n losmaking van die band met skorsing geskied het; art. 57.4.2 stel dit nie pertinent dat *skorsing "sensuur"* insluit nie, maar art. 59.3.1 verbied "*skorsing*" met "*sensuur*" en bepaal "*opheffing van sensuur en skorsing, vind plaas deur die ring ...*"; die feit dat art. 57.4.2 "die voorreg om beroep te word" met die skorsing ophef, dui duidelik op sensuur, want dit gaan om die opheffing van 'n ampsreg en 'n lidmaatsreg; (die KKS beveel 'n wysiging aan ten opsigte van 'n bepaalde en 'n onbepaalde skorsing);

3. "*afsetting uit die diens*" - "*afsetting*" beteken dat die *ampstatus* ontnem word met behoud van lidmaatskap; dit is 'n baie ernstige en drastiese tugmaatreël in die hande van die ring wat summier toegepas kan word indien 'n ring oordeel dat die afdwaling so ernstig, ergerlik en aanstootlik was dat selfs onbepaalde skorsing 'n ongenoegsame tugmaatreël is en veral ook as die dwalende onberoulik, hardnekkig, veragtelik en volhardend bly handel of 'n dusdanige gesindheid openbaar of dit kan volg na die skorsing as die geskorsde onberoulik, hardnekkig en veragtelik in die dwaling volhard.

12. REG TOT APPÈL, ART. 58

12.1 Art. 58 gelees met art. 31 bepaal die reg van 'n lidmaat en ampsdraer om te kan appèlleer teen 'n bevinding van skuld ten opsigte van 'n afdwaling in leer en/of lewe. 'n Lidmaat se appèlreg is na die volgende kerklike vergaderings, naamlik ring en sinode en 'n ampsdraer na die volgende kerklike vergadering, naamlik sinode (art. 58.1);

12.2 Net *aangeklaagdes* kan ten opsigte van bevinding van skuld appèlleer, behalwe by *leertug* waarvolgens art. 58.2 appèlreg aan die *klaer* in die geval van vryspraak gee; (die artikel bepaal: "*het die klaer sowel as aangeklaagde in 'n vryspraak en skuldigbevinding die reg tot appèl*"), dit moet herformuleer word, want 'n aangeklaagde sal seker nie teen sy vryspraak appèlleer nie en 'n klaer ook nie teen skuldigbevinding nie, hoogstens miskien beswaar hê teen die

tugmaatreël wat toegepas is).

12.3 *Bep. 58A.1* - "*beswaarskrif*" word nie hler onder tug behandel nie.

12.4 *Bep. 58B* - "*appèlskrif*" - die voorskrif van die vorm waarin 'n appèlskrif gegiet moet wees, is baie duidelik; wat beklemtoon moet word is die voorskrif van "*skriftelik*", die *tydperk waarbinne geappelleer* kan word, naamlik "*binne 21 dae nadat 'n notule bevattende die besluit waarteen geappelleer word, goedgekeur is*" en die feit van "*skriftelike kennisgewing*" aan die kerkraad as en wanneer na die ring geappelleer word en aan die ringskommissie as en wanneer na die sinode geappelleer word. Baie belangrik is die laaste drie paragrawe van *bep. 58B* wat respektiewelik handel met die *ontvanklikheid* van die appèl en die *suiwering* van die vergadering.

13. OPHEFFING VAN TUG, ART. 59

13.1 die *opheffing van tugmaatreëls* ten aansien van *lidmate*, *kerkraadslede* en *predikante* is *moontlik* sodra aan bepaalde voorwaardes voldoen is:

13.1.1 *lidmate* - die kerkraad kan die *sensuur* ophef sodra die lidmaat bewys van "*hartgrondige berou toon as bewys*" en die kerkraad oortuig is van die "*egtheid*" daarvan, met ander woorde 'n bewys deur woord en lewe van berou en bekering; by *afsnying (ban)* word die voorwaarde van bewese berou gestel en indien die kerkraad daarvan oortuig is, kan *heropname* verleen word, wat vereis dat *weer belydenis van geloof* afgelê word, vgl. arts. 4.1, 6.3; dit geskied in die openbaar in 'n erediens, én met "*afsnying*" is die lidmaatskap beëindig;

13.1.2 *kerkraadslede* - *art. 59.2* bepaal dat *sensuur*, *skorsing* en *afsetting* opgehef word "*deur die ring wat die tug toegepas het*" en wel "*op aanbeveling van*" die toesighoudende kerkraad. Alhoewel bewys van *hartgrondige berou* nie hier vermeld word as voorwaarde nie, moet dit saamgelees word met *art. 57.3.2* waar dit duidelik as vereiste of voorwaarde gestel word; ("*afsetting*" uit die amp, beteken die *verlies of ontneming van die ampstatus*); opheffing van afsetting sou dan beteken dat 'n afgesette kerkraadslid herstel word en dit is kerkregtelik nie korrek nie; "*afsetting*" kan nie opgehef word nie; wat wel opgehef word

is die gepaardgaande sensuur, waarna die persoon as ongesensureerde lidmaat weer verkiesbaar word; *die besondere ampte is gelykwaardig* (art. 7) en daarom moet afsetting vir kerkraadslede dieselfde beteken as vir predikante of andersom en nou bepaal *art. 57.4.3* dat afsetting by die predikant gepaard gaan met die "*nietigverklaring van die akte van legitimasie*", dit is duidelik die *ontneming van die ampstatus* en daarom verwys *art. 59.3.2* nie na opheffing van afsetting nie, maar van "*herstel in die amp ... na Colloquium Doctum*" en dat die "*in die amp herstelde*", met ander woorde aan wie status herstel is, *beroepbaar* gestel word ("*beroepbaarstelling*") wat die bewys is dat die afgesette ná die herstelling in die amp nie weer herstel word in die gemeente waar hy gedien het nie, maar *beroepbaar* gestel word synde losgemaak van die gemeente waar hy gedien het. Daarom moet die woord "*afsetting*" by *art. 59.2* geskrap word).

13.1.3 *evangeliedienaars* - *art. 59.3.1* bepaal "*beroepbaarstelling*" deur die ring, wat impliseer dat skorsing gepaard gaan met losmaking van die band, terwyl *art. 57.4.2* skorsing aan 'n vasgestelde tydperk verbind, met ander woorde nie losmaking van die band nie. Die KKS beveel 'n regstelling aan om dié teenstrydigheid reg te stel; kyk hierbo onder *pt. 13.1.2* in verband met die herstel in die amp na afsetting *vereistes vir opheffing van skorsing en herstel in die amp na afsetting* is bewys van *grondige berou en bekering, aanbeveling deur die toesighoudende kerkraad* en ook *Colloquium Doctum* vir diegene wat afgesit was *opheffing van skorsing* tree die ring op en stel *beroepbaar* en by *herstel in die amp* tree die *Kuratorium* op en stel *beroepbaar*.

13.2 Herstel in die amp kan in die geval van bepaalde ergerlike sondes net deur die sinode gedoen word, waaromtrent *art. 59.3.3* duidelik is; die sinode het reeds die sondes genoem en ringe en die Kuratorium mag nie self die tabel uitbrei nie; die voorwaarde is gunstige aanbevelings deur "alle betrokke instansies", dit is die betrokke kerkraad en ring.

AANBEVELING 1

Die Sinode besluit om die Handleiding goed te keur en na prof dr FAH van Staden, wat dit opgestel het en ds AS van Jaarsveld te verwys vir finale redigering met die oog op publikasie deur die Sinode.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk Van Christus Onder Blanke Afrikaners)

ADDENDUMVERSLAG : KKS

ONDERTEKENINGSFORMULIER VIR OUDERLINGE EN DIAKENS.

Ondertekeningsformulier vir Ouderlinge en Diakens van die Afrikaanse Protestantse Kerk
..... (Naam van Gemeente)

Ondergetekende verklaar hiermee dat ek in my hart gevoel en glo dat ek wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self geroep is tot hierdie heilige diens.

Ek glo van harte dat die leer van die kerk, soos saamgevat in die drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls (soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht 1618-1619) in alles met die Woord van God ooreenstem.

Ek beloof plegtig om my diens getrou en in ooreenstemming met gemelde leer te vervul en dat ek gemelde leer onder alle omstandighede getrou sal bevorder en verdedig. Verder belowe ek dat ek geen leer strydig met of buite die leer, heimlik of in die openbaar, op enige manier sal voorstaan of propageer nie en dat ek alle dwalinge wat met gemelde leer in stryd is, verwerp en sal bestry en alles moontlik sal doen om dit uit die kerk te weer.

Ek onderneem ook om my aan die kerklike vermaninge en tug te onderwerp ooreenkomstig die Kerkorde en Bepalings wat deur die Sinodes van die APK goedgekeur is, indien ek my miskien in leer of lewe sou misgaan.

Verder belowe ek dat, indien ek te enigertyd enige bedenking of beswaar teen enige punt van die gemelde leer mag hê, ek dit nóg heimlik, nóg mondeling of skriftelik te kenne sal gee, anders as aan die bevoegde kerklike vergadering.

Ek sal my aan die uitsprake van die bevoegde kerklike vergaderings onderwerp. Ek behou egter vir myself die reg op hoër beroep voor, ooreenkomstig die Kerkorde, indien ek sou meen dat ek deur 'n mindere vergadering veronreg is.

HANDTEKENINGE

Ouderlinge

Naam	Handtekening	Datum Bevestig	Datum Onslag
.....			
.....			
.....			

Diakens

Naam	Handtekening	Datum Bevestig	Datum Ontslag
.....			
.....			
.....			